

'N ONDERSOEK NA DIE WISSELING [ɛ/ə] IN  
BETOONDE LETTERGREPE IN DIE AFRIKAANS  
VAN TRANSVALERS TUSSEN 1845 - 1850.

deur

Theunis Jacobus Roodt Botha

Voorgelê ter vervulling van 'n deel  
van die vereistes vir die graad  
MAGISTER IN AFRIKAANSE; NEDERLANDSE  
EN GERMAANSE TAALKUNDE  
in die Fakulteit LETTERE EN WYSBEGEERTE.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA,

PRETORIA.

JULIE 1959.

I N H O U D .

	<u>BLADSY .</u>
A . WERKMETODE .	1
B . WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN EIENAME .	7
C . WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN MAANDNAME .	27
D . WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN KULTUURWOORDE .	30
E . WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN VOLKSWOORDE .	33
F . SAMEVATTENDE OORSIG VAN BEVINDING VAN DIE VOKAALWISSELING .	99
G . DIE VOKAALWISSELING IN DIE LIG VAN DIE ONTSTAANS- EN ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS .	114
H . BIBLIOGRAFIE .	122

-----

A. W E R K M E T O D E.

1. Verkryging van stof.

Uit die aard van hierdie ondersoek vloei dit voort dat die ondersoeker aangewese is op skriftelike bronne uit die betrokke periode. Aan geskikte bronne is daar gelukkig nie gebrek nie.

Die versamelde stof kom hoofsaaklik uit die "Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No 1", waarvan die inhoud strek oor die jare 1845 - 1850. Dit behels twee afdelings: eerstens notules van die Volksraad van Potchefstroom, Ohrigstad en die Suid-Afrikaanse Republiek ; tweedens 'n bylae met briewe, rapporte, bekendmakings e.s.m.

Soms was dit nodig om stof ook uit ander bronne te versamel: 'n bepaalde woord, bv. "krokodel" is slegs met e aangetref in genoemde bron. In dergelyke omstandighede is die "Voortrekker-Argiefstukke (1829 - 1849)" geraadpleeg. Af en toe moes selfs die "Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal, No 2" vir kontroledoeleindes geraadpleeg word. Waar daar gebruik gemaak word van stof uit die tweede en derde bron, word dit in die "Bylae.." sowel as in voetaantekeninge vermeld.

2. Keuring van stukke.

Die stukke wat in die bronne opgeneem is, is nie almal ewe bruikbaar vir hierdie bepaalde doel nie.

-----

Sommige is uit Nederland afkomstig.<sup>1)</sup> Ander is wel in Transvaal opgestel, maar die skrywer openbaar so 'n bedrewenheid in die gebruik van Nederlands dat die geheel gans en al onafrikaans is.<sup>2)</sup> In teenstelling met eersgenoemde is laasgenoemde nie sonder meer onbruikbaar nie : woorde met 'n geringe frekwensie in Nederlands word hierin soms foneties gespeel. So kom byvoorbeeld die vorm "Crokodels Revier" voor in 'n notule van die Volksraad van Andries Ohrigstad - 'n stuk wat origns in goedversorgde Nederlands opgestel is.<sup>3)</sup> Die meeste stukke is egter betroubaar en dus geskik vir hierdie doel. Natuurlik is ook hulle in 'n soort vernederlandste Afrikaans geskryf - hoe kon dit ook anders?

In die keuringsproses is die volgende aspekte in aanmerking geneem : kennis van die spelling, woordeskat, sinsbou, klankstelsel en (veral) morfologie van Nederlands. Hiervan kan met 'n taamlike mate van betroubaarheid afgelei word in hoeverre die betrokke stuk onder die invloed van die Nederlandse skryftradisie staan. Die volgende uitlating van dr. F.C.L. Bosman is terdeë ter harte geneem : "... as die 'Hollandssprekende' Afrikaans geskryf het, oriënteer hy, bewus of onbewus, na die 'beskaafde' Nederlandse vorm en bied sy skryftaal 'n beeld van konserwatisme wat lank nie klop met die werklikheid nie."<sup>4)</sup> En tog is dit verblydend om te sien in hoeveel van hierdie historiese dokumente die Nederlands in so 'n mate opklaar dat die kenmerkend Afrikaanse suiwer deurbreek. Die deurbraak van die Afrikaanse elemente

- 
- 1) Vgl. TR. I, bylaag 24 tot 28, 1850, bl. 331 en verder.  
2) Vgl. TR. I, bl. 27 tot 32.  
3) TR. I, bl. 38.  
4) Die Huisgenoot, 9 April 1943.

in hierdie geskrifte laat dink aan die woorde van Kloeke : "Veelal zijn dit in werkelijkheid geen stukken drijfhout, maar toppen van een onder water zich uitstekend 'Kaaps' continent, dat geheel voor onze ogen zou komen te liggen, zodra wij het water kunnen laten aflopen."<sup>5)</sup>

### 3. Optekening van stof.

Om praktiese oorweginge is die stof eers op kaartjies aangebring. Die woorde waarin die wisseling aangetref word, is nie afsonderlik nie, maar tesame met die sin of sinsdeel waarin hulle verskyn, opgeteken. Die verband waarin 'n wisselvorm aangetref word, is dikwels onontbeerlik vir die bepaling van die klankkleur van die betrokke vokaal. In die beredenering van die stof sal dit opval dat die situasie waarin 'n bepaalde vorm verskyn, dikwels aandui in hoeverre 'n skrywer foneties spel. Uit die breër verband is dit ook af te lei welke mate van klem op die verskillende woorde rus.

Om voor die hand liggende redes is eiename sonder vermelding van die verband waarin hulle verskyn, opgeteken.

Na elke opgetekende geval is die bron, bladsy en jaartal aangebring.

### 4. Sifting, rangskikking en beredenering van stof.

Dit is te verstaan dat kaartjies opgestel is vir baie meer woorde as wat uiteindelik gebruik kon word.

-----

5) G.G. Kloeke: Herkomst en Groei van het Afrikaans, bl. 343.

Uit die gegewens op die kaartjies het dit geblyk dat baie woorde slegs met een van die twee vokale voorkom het en kon dié gedeelte van die materiaal sonder voorbehoud verwyder word.

Op hierdie stadium is van die wisseling, vir soverre die letter e naas i in dieselfde woord verskyn het, 'n voorlopige statistiese berekening gemaak. By benadering het hierdie statistiek 'n aanduiding gegee van die wisselbaarheid van [ɛ] en [ə] in bepaalde woorde, dog die betroubaarheid van die statistiek was nog in die weegskaal.

Daar dit geblyk het dat die wisseling die neiging tot opeenhoping voor bepaalde konsonante openbaar, is die stof vervolgens in afdelings en onderafdelings gerangskik ooreenkomstig die konsonant wat na die vokaalwisseling staan. Om oorweginge wat later sal blyk, is eiename en kultuurwoorde onder afsonderlike hoofde ingedeel. Hiermee is daar groter orde in die stof gebring; die eintlike knoop is egter nog nie deurgehak nie.

Die betroubaarheid van die uiteindelijke bevinding is afhanklik van die betroubaarheid van die stof waarop dit gebaseer word. Tot dusver het die verkreeë statistiek sonder meer berus op die verskyning van die letter e naas i. Vir die doel van hierdie ondersoek was die statistiek dus nog nie betroubaar en bruikbaar nie. Vanweë die feit dat [ə] in die ortografie soms deur e en soms deur i voorgestel word 'n gebruik

-----

wat weliswaar hoofsaaklik van toepassing is op vokale in onbetoonde lettergrepe - en die letter e dus nie noodwendig 'n [ɛ] verteenwoordig nie, was dit noodsaaklik om die klankwaarde van die e en i in die woorde waarin hulle voorgekom het, te bepaal by wyse van beredenering van elke geval. Hierdie deel van die werk het dan ook die meeste tyd en arbeid geverg. Vandaar dat die beredenering van die stof so 'n omvangryke plek in beslag neem.

Na voltooiing van die beredenering kon pas bepaal word in welke en in hoeveel woorde die vokaalwisseling opgetree het, en met watter mate van intensiteit. Eers op hierdie stadium kon die statistiek as betroubaar beskou word en was dit gereed vir interpretasie.

#### 5. Die vokaalwisseling in historiese verband.

Sonder die slothoofstuk kan hierdie verhandeling nouliks as volledig bestempel word. Waar hierdie ondersoek gemoeid is met 'n aspek van die groei van Afrikaans, het dit raadsaam gelyk om die bevinding ten slotte teen die breë agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van ons moedertaal te stel.

#### 6. Bylae.

Die versamelde stof verskyn in 'n afsonderlike bylae. Ten gevolge van die omvang van die bylae word dit nie by die verhandeling ingesluit nie. Dit is ter insae verkrygbaar by die Klasbiblioteek van die Departe-

-----

ment Afrikaanse, Nederlandse en Germaanse Taalkunde van die Universiteit van Pretoria onder die titel "Bylae tot 'n Onderzoek na die wisseling [ɛ]/[ə] in betoonde lettergrepe in die Afrikaans van Transvalers tussen 1845 - 1850 ' ".

7. Afkortings.

Die afkortings TR. I, TR. II, V.A. en M.G. word onderskeidelik vir die volgende titels gebruik:  
Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No 1 ;  
Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal No 2 ;  
Voortrekker- Argiefstukke, (1829 - 1849), en  
Middel-nederlandse Grammatika deur T.H. en J.J. le Roux.

-----



B. WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN EIENAME.

1. Vorm- en spellingverandering van eiename.

(a) Eiename is traer om van vorm <sup>1)</sup> te verander as ander woorde. Wel tree daar ook vormverandering t.o.v. eiename in. Vergelyk maar net die volgende paar verkorte name en vanne : Chris vir Christiaan, Koos vir Jacobus, Rasmus vir Erasmus, Van Nere vir Van Heerden. Maar dat dit op 'n veel geringer skaal plaasvind as by ander woorde, kan nie ontken word nie.

(b) Waar daar wel vormveranderinge by eiename in-tree, raak dit hoofsaaklik lang, meerlettergrepige name en geskied dit gewoonlik by wyse van elisie. Die verdwyning van die meeste van hierdie lettergrepe hang ten nouste saam met die swak klem waarmee hulle uitgespreek word. <sup>2)</sup> Dikwels word name verkort om taalekonomiese redes : die lang naam word verkort ter wille van die gerief of energiebesparing van die sprekers.

(c) Uit die aard van die saak ken 'n mens die spelling van jou naam (van inbegrepe) gewoonlik die beste van alle woorde. Selfs al is iemand ook betreklik ongeletterd, kan hy gewoonlik sy naam spel, wel nie altoos nie.

(d) Spelling is nou maar eenmaal 'n konvensionele aangeleentheid ; dit is, relatief gesproke, staties, en hou in geen taal tred met die dinamiese veranderinge wat daar voortdurend in die uitspraak plaasvind nie. En

---

1) Vorm slaan hier op die simpleks. Morfologiese veranderinge soos meervouds- en verkleiningsvorming is nie hier ter sprake nie.

2) M.G., par. 47 - 62.

as dit waar is van die taalvoorraad in die algemeen, is dit meer as dubbeld waar van die spelling van eiename. Al het die uitspraak van 'n persoonsnaam lank reeds in die volksmond verander, handhaaf die besitter van daardie naam gewoonlik tog nog die konvensionele spelling van sy naam met die nougesetste konserwatisme. Dit is byvoorbeeld uitsonderlik om 'n Afrikaanssprekende die naam Philip anders as Flip te hoor uitspreek. Tog word die spelling "Philip" hardnekkig gehandhaaf deur diegene wie se naam dit is. Die spelling "Flip" kom gewoonlik net voor by mense wat dié naam nie het nie. Talle soortgelyke voorbeelde kan aangehaal word, bv. Neels - Cornelius, Teuns - Theunis.

(e) Ten opsigte van die uitspraak en spelling van plekname doen dieselfde verskynsel hom voor, bv. [pɛ:rl , pɛ:rel, pa:rel] vir Paarl, [ɛn.ve:] vir Indwe, e.s.m.

2.	Brets	Brits
	3 <sup>4)</sup>	9 <sup>3)</sup>
	Bretsche	Britsche
	3	4 <sup>5)</sup>

(a) Brets / Brits.

(i) Op die oog af lyk dit of die uitspraak met [ɛ] baie minder voorgekom het as dié met [ə] - soos wat die toestand vandag skynbaar ook is. In die lig van die voorafgaande oorweginge i.s. vorm- en spellingverandering van eiename kry die wisseling van e / i in Brets / Brits nuwe betekenis, veral daar dit in naamte-

-----

3) Die van.  
 4) Twee van die drie dateer uit 1852.  
 5) Met die betekenis "van of behorende tot Groot-Brittanje."

keringe voorkom. Die moontlikheid dat die e in Bretaans 'n foutiewe spelling toegeskryf kan word, bestaan, maar dit is uiters onwaarskynlik, veral as die kortheid en eenvoudige spelling van dié woord in aanmerking geneem word. Dat ons hier eerder met fonetiese spelling te doen het, lyk baie waarskynliker.

(ii) En die klankwaarde van die i in die 9 Britse gevalle? Dit kan nie sonder meer aanvaar word dat die i in die ortografie hier noodwendig oral die neutrale [ə] verteenwoordig nie. Die feit dat J.J., G.P. en M.W. Bretaans hul van met 'n e teken, dui sterk daarop dat die uitspraak met [ɛ] kon bestaan het. Heel moontlik het minstens sommige van die ander 9 Britse ook hulle van met 'n [ɛ] uitgespreek (en kon dié uitspraak in 'n meerdere of mindere mate selfs verbreid gewees het onder Afrikaners), dog die konvensionele spelling "Brits" geken en dus behou het. Die [ɛ]-uitspraak kon dus baie meer verteenwoordigend gewees het as wat met die eerste oogopslag uit die aantal opgetekende gevalle wil voorkom.

(b) Bretaans / Britse.

Die eweredige verbreiding van e en i hier lewer afdoende bewys dat [ɛ] met [ə] afgewissel het in hierdie klankstruktuur, sodat die bestaan van die klankwisseling by die van Bretaans / Brits, wat daar bestempel is as 'n waarskynlikheid, nou aanvaar kan word.

Ten eerste spreek die ortografiese vorm van Bretaans / Britse ten gunste van so 'n wisseling. Ses

-----

keer verskyn die woord, hetsy met e of i, met ch, d.w.s. as Betsche of Britsche; Bretse kom net een keer voor. Die vorm sonder ch, nl. Bretse, het ongetwyfeld 'n fonetiese spelwyse. Waar ch in die skrifbeeld verskyn, bewys dit dat die betrokke skrywer in 'n ruim mate kennis dra van die spelling van dié woord. Waarom sou ch behoue bly in die spelling, terwyl i vervang word deur e? Dit is uiters onwaarskynlik dat ch (as 'n deel van sch) 'n bepaalde klank (bv. [ʃ]) verteenwoordig; tog word hierdie letterkombinasie behou. Andersyds is die woord Bretse / Britse sonder 'n vokaal onbestaanbaar, sodat dit duidelik is dat die vokaal in 'n groter mate as ch tot die wese van hierdie woord behoort. Die behoud van ch kan dus slegs aan 'n mate van kennis van die spelling van die woord toegeskryf word. Die gebruik van e naas i kan nie bevredigend verklaar word deur dit aan 'n gebrek aan kennis van spelling toe te skryf nie, nie in hierdie omstandigheid nie, want wie 'n letterkombinasie behou wat nie 'n wesenlike (klank-) gedeelte van 'n woord verteenwoordig nie, sal slegs by wyse van die hoogste uitsondering 'n spellingfout begaan ten opsigte van 'n letter (hier i) wat 'n wesenlike en essensiële klank of bestanddeel van 'n woord verteenwoordig. Die enigste faktor wat hier aanleiding kon gee tot die gebruik van e naas i is die bestaan van [ɛ] naas [ə] in die uitspraak van Betsche / Britsche. Hierdie slotsom word gerugsteun deur die fonetiese spelwyse van Bretse (sonder ch).

---

3.	Phileppus	Philippus <sup>6)</sup>
	1	3
	Chrestiaan	Christiaan
	2	5

Wat in par. B 2 (a) (i) opgemerk is i.v.m. die moontlike vokaalwisseling by Brets / Brits, is ook van toepassing op hierdie twee name, met die één, maar ook onbenullige, verskil dat die moontlikheid van foutiewe spelling by Phileppus en Chrestiaan groter is vanweë die lengte van dié twee name en die feit dat 'n mens jou persoonsnaam nie so dikwels as jou van skryf nie. Waar die e / i verhouding hier onderskeidelik 1 : 3 en 2 (3) : 5 is in vergelyking met 3: 9 by Brets/Brits, sterk dit die moontlikheid dat die e in Phileppus en Chrestiaan wel die kwaliteit van [ɛ] besit. Boonop verskyn Phileppus as naamtekening, Chrestiaan een keer ook; Philippus en Philip verskyn deurgaans en Christiaan 4 uit die 5 keer as naamverwysinge deur 'n andersgenaamde gebruik.

4.	Hendrik	Hindrik
	16	1
	Helberg	Hilberg
	3	1
	Nel	Nil
	45	1
	Rensburg	Rinsburg <sup>7)</sup>
	63	8
	Van der Merwe	Van der Mirwe
	34	1

---

6) Waarby Philip (1) inbegrepe is.  
7) Drie uit 1852 inbegrepe.

Venter

52

Vinter

3<sup>8)</sup>

(a) Om verskeie redes sluit hierdie vyf vanne en een persoonsnaam by die vorige twee gevalle aan. Waar die i in die vorige van en naam meer dikwels voorkom as die e, oorheers die e weer deurgaans in bostaande ses. Soos die e in Brets en Phileppus kom die i net een keer voor in Hindrik, Hilberg, Nil en Van der Mirwe ; hierteenoor staan die groter, soms aansienlik groter, frekwensie van die ekwivalente vorme met e. Ten gevolge van die frekwensieverhouding tussen Rensburg en Rinsburg (resp.  $63 : 8 \approx 8 : 1$ ) en Venter / Vinter (resp.  $52 : 3 \approx 17 : 1$ ) skakel ook hierdie twee met Brets en Phileppus. Hierbenewens kom al die bostaande gevalle met geringe frekwensie as naamtekeninge voor, uitgesonderd Rinsburg wat 2 uit die 8 keer nie as 'n naamtekening verskyn nie.

(b) Wat in paragraaf B 2 (a) (i) i.v.m. die moontlikheid van foutiewe spelling opgemerk is oor die e in Brets, geld byna honderd persent vir die i in die onderhawige woorde.

(c) Die veelvuldige voorkoms van die e dui daarop dat die uitspraak met [ɛ]beslis bestaan het ; trouens ook die algemeen geldende was. Na aanleiding van wat in par. B 1 (a) tot (d) betoog is i.s. eiename, sou dit egter onwetenskaplik wees om aan te neem dat die letter e in hierdie e-woorde oral die kwaliteit van [ɛ]besit.

-----

8) Een uit 1853 inbegrepe.

Omgekeerd bestaan daar geen rede waarom die letter i in die i-woorde (wat nie die tradisionele spelwyse verteenwoordig nie) die kleur van [ɛ] sou kon hê nie. In die spelling van persoonsname en vanne, trouens in die Nederlandse spellingsistees van die negentiende eeu, het die letter i nêrens in geslote lettergrepe, allermins betoende geslotenes, die klankwaarde van [ɛ] nie. Tensy dit dus bewys kan word dat die i in genoemde i-woorde blote spelfoute is - en dit kan nie bewys word nie - moet dit aanvaar word dat i hier gelyk is aan [ə], m.a.w. [ə] en [ɛ] het mekaar in die uitspraak van die woorde onder bespreking afgewissel, al het die afwisseling nie reëlmatig plaasgevind nie.

(d) Die spellingaspek kan nouliks te sterk beklemtoon word. Omdat die i-gevallen so min voorkom in vergelyking met die talle e-ekwivalente, tree die neiging sterk na vore om die moontlikheid van vokaalwisseling buite rekening te laat. Afsonderlik benader, lyk elke geval op sigself miskien onbeduidend. Ook moet jy toegee dat dit wel moontlik is dat i-woorde soos Hendrik, Hilberg, Nil en Van der Mirwe aan foutiewe spelling of agtelosigheid gewyt kan word. Waar die ou-bekende vanne soos Rensburg en Venter onderskeidelik 5 en 2 keer met i geskrywe word, klink foutiewe spelling as rede daarvoor ietwat fiktief. Word hierdie eiename met uitsondering van Helberg / Hilberg, almal toentertyd reeds goed verteenwoordig in die Transvaal, in verband met mekaar beskou, blyk dit tog dat hulle gesamentlik lig werp

-----

op die veld wat ondersoek word in dié sin dat hulle minstens dui op 'n bepaalde tendens, nl. die afwisseling van [ɛ] en [ə] in dié periode in Transvaal.

5.	Henning	Hinning
	1	1
	Kretzinger	Kritzinger
	1	1
	Lendequie	Lindeque
	7	4
	Maretz	Maritz <sup>9)</sup>
	5	3
	Mennaar	Minnaar
	11	29
	Prensloo	Prinsloo
	46	50
	Prens <sup>10)</sup>	Frins
	2	0
	Smet	Smit
	17	46
	Wellem	Willem <sup>11)</sup>
	18	5

(a) In teenstelling met die res van hierdie groep woorde openbaar Henning / Hinning en Kretzinger / Kritzinger 'n besonder geringe frekwensie. Tog is hulle nie sonder waarde vir ons doel nie, veral daar e en i om die beurt by hulle aangetref word. In die geval Henning / Hinning is e.g. die tradisionele spelwyse. Na aanleiding van die e hier sowel as die huidige A.B. uitspraak

- 
- 9) Kyk onder "plekname", aangesien Maretz /Maritz slegs in die pleknaamsamestelling Pietermaretz-/Pietermaritzburg aangetref is.
  - 10) Hoewel Prins nie teëgekomp is nie, word Prens n.a.v. sy verband met Prensloo bygehaal.
  - 11) Op grond van die taamlik reëlmatige verbreiding van e en i in hierdie woorde saam gegroepeer.



met [ɛ] lyk dit veilig om aan te neem dat die e in die opgetekende geval die waarde van [ɛ] besit. Die ekwivalent met i, die tradisionele spelwyse ten spyte, dui op 'n uitspraak met [ə]. Met verwysing na par. B 4 (c) (i.v.m. die tradisionele klankwaarde van i in geslote lettergrepe) heg 'n mens aan die i in Hinning en Kritzinger met meer oortuiging die waarde van [ə] as aan die e van Kretzinger die waarde van [ɛ]. Na aanleiding van par. B 1 (a) tot (d) lyk dit egter onwaarskynlik dat 'n Kritzinger sy van sonder rede met 'n e sou skrywe. Die verklaring vir die gebruik van e moet blykbaar in 'n uitspraak met [ɛ] geleë wees. Só beskou, openbaar die pasbespreekte twee gevalle op hulle beurt ook die neiging tot afwisseling van [ɛ] met [ə].

(b) Die orige vyf gevalle openbaar 'n besonder groot produktiwiteit, veral die vanne Prinsloo, Minnaar en Smit, waarvan afgelei kan word dat dié vanne en naam wyd verbreed en goed bekend was, en in die omgangstaal dus ook dikwels gehoor is. Dit moet seker ook die toedrag van sake in die Kaapkolonie gewees het, want dis tog seker nie toevallig dat daar juis soveel Trekkers met hierdie vanne die Transvaal bereik het nie. Vir die onderhawige periode het ons dus hier 'n groep tipies Transvaalse (en Afrikaanse) vanne en een naam. In hierdie omstandigheid is die grootskaalse en reëlmatige vokaalverskil besonder betekenisvol. Wat in par. B 1 (a) tot (d) gestel is, is in 'n nog groter mate van toepassing op hierdie groep as op dié wat tot hiertoe behandel is.

-----

Dit val moeilik te bedink dat dergelike gevestigde, veelvoorkomende en oorbekende vanne en name (elk) één uitspraak kon gehad het maar tog nog twee spelwyses - en dit boonop van die lettergreep met hoofklem wat vanweë sy psigiese oorwig oor die ander lettergrepe die belangrikste lettergreep vir die skrywer van die woord moet gewees het.

(c) Die spelling van die betrokke gevalle varieer wel, en soos volg (afgesien van die e/i -verskil) :

- (i) Lindequie x Lendequee ( -quie(1) ; res  
quee)
- (ii) Prinsloo x Prinslo (lg. (10) ; res  
- oo)
- (iii) Minnaar (net e en i wissel)
- (iv) Willem x Welem x Wellim x Welm  
(Vanneere)
- (v) Smit x Smedt (3) x Smeth (5)

Hierdie spellingverskille staan op 'n gans ander vlak as die e/i-verskil. Ten eerste is hulle beperk tot òf 'n <sup>12)</sup> betoonde lettergreep òf 'n "konsonant" <sup>13)</sup> Ten tweede staan die vokale wat verskil, in oop lettergrepe, uitgesonderd Welem en Wellim. Lindeque kom nêrens met slot -ue voor nie ; die slot -ie x ee slaan hoogswaarskynlik op 'n uitspraakverskil. Die enkele o in Prinslo wek die indruk dat die skrywer die woord geskryf het soos wat dit vir hom geklink het. Vergelyk byvoorbeeld die Nederlander se spelling van "Jo" en ons spelling van "bo, so", ens. Die enkele l in Welem hang daarmee

---

12) en 13) Met "konsonant" en "vokaal" word hier bedoel 'n letter wat gewoonlik 'n konsonant en vokaal voorstel.

saam dat die eerste lettergreep in die spraak in werklikheid oop is en nie geslote nie, soos soms foutief van die spelling afgelei word. Wie na die uitspraak van dié naam luister, hoor net [vələm]. Om hierdie rede kan die eerste e in Welem nie sonder meer as 'n [e:] beskou word nie; eerder as 'n [ɛ]. Die i in Wellim bewys dat die skrywer aan i die waarde van [ə] heg, blykbaar ter onderskeiding van [ɛ] wat hy met 'n e aandui. Hier lewer die ortografie beslis 'n baie sterk pleidooi ten gunste van [ɛ] in die eerste lettergreep. Maar dit i.v.m. die klankwaarde van e in die eerste sillabe net terloops. Die geval Welm Vanneere sterk die vermoede dat baie sogenaamde spelfoute wat by vanne teëgekome word, daaraan toegeskryf moet word dat die uitspraak die belangrikste leidraad was by die bepaling van die skriftelike vorm van 'n woord. Die skryfwyse van "Vanneere" lewer sterk bewysplaas hiervoor. Die geval Welm - soos trouens ook baie ander vorme - toon aan dat die trekkerpionier ten opsigte van die skryftaal ook maar taalkind was. By die bepaling van die ortografiese vorm van 'n woord het hy soos die kleuter te werk gegaan: wie die pen gebruik het, het die woord maar na die uitspraak probeer skrywe, so goed of so kwaad soos dit maar uitval - solank die belangrikste elemente (klanke) van die woord maar in die skrifbeeld vasgelê is.

Die dt en th van Smedt en Smeth is blykbaar oorblyfsels van die tradisionele spelling "Schmidt" en "Smith"; by gebrek aan kennis van Duits en Engels sou

---

die destydse geslag Afrikaners dié twee vanne in die uitspraak oor dieselfde kam geskeer het as Smit / Smet.

6. (a) Die "S.A. Argiefstukke, Transvaal No I, Volksraadsnotule (met bylae), Deel I, 1845 - 1850", lewer besonder nuttige en omvangryke stof in verband met die spelling van eiename. In hierdie jare van woeling, onbestendigheid, grondverdeling, moeilikhede met naturelle, botsende strominge op konstitusionele gebied, verkiesings e.s.m. is daar dikwels petisies opgestel, baie briewe aan die Volksraad en staatsamptenare gerig ; ook is daar i.v.m. verskeie aangeleenthede by wyse van naamtekening gestem. Gevolglik wemel genoemde Argiefstukke van lang lyste naamtekeninge. Van nader beskou, openbaar hierdie naamtekeninge die volgende i.v.m. die spellingkwessie :

(i) Enersyds tref dit jou dat die spelling oor die algemeen besonder korrek is. Dit geld selfs vir naamtekeninge wat onder briewe en petisies verskyn waarin die spelling maar swakkies is, en waarvan die taalversorging die indruk skep dat die skrywer of opsteller nie juis vertrouwd was met die pen nie. Die volgende naamtekeninge, met bladsy waar dit voorkom tussen hakies aangedui, kan as 'n objektiewe steekproef uit die menigte korrek geskrewe naamtekeninge beskou word :

W.H. Jacobsz (151), H.P. Scheepers (151), St. Schoeman (151), G.J. Rudolph (164), J.G. le Grange (219, 244), J.V. Bosch (219), J. Breedt (219), C. Fourie (220), J. de Clercq (220), J.H. Boshoff (220), A.W. Heyneke (220),

-----

F.J. Joubert (199), P.G. van der Westhuysen (198), A.J. Krügel (198), ens. Hierdie en honderde ander soortgelyke gevalle bewys dat die meerderheid van die destydse pioniers, ondanks die gebrek aan 'n eie skryftradisie, die tradisionele skryfwyse van hulle vanne geken het en met 'n groot mate van nougesetheid gehandhaaf het.

(ii) Waar die naamtekeninge wel afwyk van die tradisionele spelling, is dit duidelik agter die uitspraak aan. Vergelyk gerus die volgende voorbeelde: J.L. Hattang (146), A.F. Celje (199), C.J.S. Vorei(208), B.J. Forie (208), G.J., C.J.A. en M.J. Forie (315), E.H. Eelof (314), Wensel Coetzer (315), C.J. Drýer (360), J. Labbeschagnie (360), Du Plesie - 4 keer (361), Van Vurin - 2 keer (361), ens.

(b) Teen hierdie agtergrond beskou, en gedagtig aan die reëlmatige verbreiding van e en i in Lendeque / Lindequee (7 : 4), Menaar / Minnaar ( 11 : 29), Prensloo / Prinsloo (46 : 50), Smet / Smit (17 : 46) en Wellem / Willem (18 : 5), ook n.a.v. die groter frekwensie van e as i in Wellem en Lendequee, kom ons tot die slotsom dat die e in die e-woorde verskyn met die doel om daardeur te kenne te gee dat dié woorde met [ɛ] uitgespreek is, m.a.w. dat ons hier met "fonetiese spelling" (d.w.s. spelling volgens uitspraak) te doen het. (Uitspraakvorme soos Menne, Menaar, Lendequee, Prens, Prensloo e.s.m. wat tans nog dikwels gehoor word, veral by ons ongeleerde oumense, verleen steun aan hierdie slotsom.)

-----

Die i in die i-woorde (wat die tradisionele spelwyse verteenwoordig) het hoofsaaklik, maar nie noodwendig oral nie, die waarde van [ə] - nie noodwendig oral nie, omdat sommige naamtekenaars waarskynlik, vanweë hulle kennis van die korrekte spelwyse van hul vanne, die i sou gebruik het ondanks hulle en ander sprekers die betrokke van met [ɛ] uitgespreek het.

7.	Engels	Ingels
	24	6
	Engelbrecht	Ingelbrecht
	11	2

(a) Engels / Ingels.

(i) Op grond van die geskiedenis van die lotgevalle van die Afrikaner onder Britse bewind voor die Groot Trek en selfs daarna in die eerste helfte van die negentiende eeu, kan aangeneem word dat die woord Engels / Ingels en sy afleidinge dikwels op die tong van die destydse Afrikaner gekom het. Dit is dus nie toevallig dat dié woorde 30 keer in die geskrewe stukke aangedref word nie.

(ii) Dit is opgeteken as s.nw., b.nw. en samestelling (Engelsman) ; die klem rus dus deurgaans op die eerste lettergreep.

(iii) Die "Uitspraakwoordeboek van Afrikaans" (T.H. le Roux en P. de V. Pienaar) gee die uitspraak van hierdie woord soos volg aan : [əŋəls, ɛŋəls] . In

---

die "Inleiding", par. 19, punt 3, bl. xviii, merk die outeurs in hierdie verband op: "Waar verskillende spel- lings, vorme of uitsprake <sup>14)</sup> gelykwaardig is, word hul- le eenvoudig naasmekaar geplaas...." In die reël net voor "Engels" dui hulle die eerste vokaal van "Engeland" onderskeidelik ook met [ə] en [ɛ] aan. Direk voor "Engeland" transkribeer hulle die aanvangsvokaal van "engel" ook met 'n [ə] en 'n [ɛ], maar in omgekeerde volgorde. Dit skep die indruk dat die opsteller voor- keur skenk aan die uitspraak met [ə] by "Engels" en "Engeland", en aan dié met [ɛ] by "engel". Watter uitspraak, dié met [ə] of dié met [ɛ], t.o.v. Engels, Engelsman ... tans die heersende of produktiefste is, sal 'n mens uit die vuis nie met sekerheid kan bepaal nie. Dat [ɛŋəls] veelvoorkomend is, die invloed van die skrifbeeld, die skool en die daarmee gepaardgaande nei- ging tot letteruitspraak ten spyte, moet 'n mens die ou- teurs gelyk gee.

(iv) In "Scheepsjournael ende Dagregister" van H.J.J.M. van der Merwe kom "Engels" 9 keer voor in die verkorte weergawe van Van Riebeeck se "Dagregister"<sup>15)</sup>. Die vorm met i word hierin nie teëgekome nie. J. Vercoul- lie verstrek die volgende in sy "Beknopt Etymologiesch Woordenboek der Nederlandsche Taal" : "Engels o , is het bijv. Engelsch zelfst. gebr. dus = een Engelsch ge- wicht, Mnl. enghelsc, van Ags. Engle = Angelen, waar e = ä ". Die vorm met "[ɛ]" dateer dus ver terug in Wes-Germaans. Die "Middelnederlandsch. Handwoorden-

-----

14) My onderstreping.

15) In reël 1587, 1971, 2190, 2566, 2990, 3441, 3456, 3457, 4440.

boek" (J. Verdam) verstrek naas Engelsch (= "een klein gewicht...") ook die vorm met i (as s.nw.), maar as b.nw. slegs "Engelsch". Die letter i het hier natuurlik nie presies diéselwde klankwaarde as die Afrikaanse [ə] nie, maar dié van die Nederlandse [è], bv. in "vinden".<sup>16)</sup> "In Afrikaans het ndl.[è] > [ə], maar die spelling het dieselfde gebly."<sup>17)</sup> "Oor die algemeen kan gesê word dat Vlaams 'n voorkeur het vir die [ɛ]-vorme e. Brabants, Limburgs en Hollands vir die [è]-vorme. In die besonder verkies Vlaams [ɛ] voor cht en voor m-verbindinge.... Voor n-verbindinge... word die voorkeur gegee aan [è]: vinden x venden, kint x kent...."<sup>18)</sup> "Ook in Nnl. wissel e[ɛ] en i[è] baie sterk met mekaar af in dialekte."<sup>19)</sup>

(v) Alvorens die e/i-situasie in 1845 - '50 van nader beskou word, kan die voorafgaande opsommenderwys saamgevat word: In huidige Afrikaans wissel [ɛ] en [ə] in "Engels" baie sterk met mekaar af, met [ə] moontlik (en beslis by ouer mense) in 'n effens sterker posisie as [ɛ]. Naas die uitspraak met [ɛ] kom dié met [è] reeds in Middelnederlands voor. In Middelnederlands en in Nieunederlands<sup>20)</sup> wissel [ɛ] en [è] mekaar baie sterk af. Dat daar in die vermelde gedeelte van Van Riebeeck se "Daghregister" nie wisselvorme aangetref word nie, kom dus teen die verwagting in. Van Riebeeck was egter 'n redelik goedgeskoolde en geletterde amptenaar wie se spelling dus nie baie foneties sou wees nie. Die vorm met [ɛ] kon ook verteenwoordigend gewees het van sy herkomsgebied.

---

16) M.G., par. 79, 1.

17) M.G., par. 79, 3.

18) M.G., par. 79, 1.

19) M.G., par. 79, 3.

20) Middelnederlands en Nieunederlands word hier breed opgevat, d.w.s. o.a. in hul dialektiese geskakeerdheid.



(vi) Wat vir ons doel van die grootste belang is, is dat ons hier met 'n historiese wisseling van [ɛ] en [ə] by 'n bepaalde woord te doen het ; dat die wisseling in huidige Afrikaans nog steeds op groot skaal aangetref word ; dat die vorm met e (histories beskou) blykbaar die bekendste in die spelling was en vandag nog in Nieunederlands is.

(vii) Daar bestaan dus rede om te aanvaar dat die Afrikaner van die vorige eeu meer vertrouwd was met die e-spelling. Van die 24 opgetekende gevalle met e kon sommige dus verteenwoordigend van die [ə]-uitspraak gewees het. Die tradisionele en huidige Nederlandse spelwyse met e in aanmerking genome, lewer die 6 gevalle met i (waarvan een uit 'n stuk wat toon dat die skrywer daarvan goed vertrouwd was met die Nederlandse taal en spelling) bewys dat die uitspraak met [ə] in die onderhawige tydperk moet bestaan het en dat dit heel waarskynlik meer verteenwoordigend was as wat uit die skrifbeeld, d.w.s. die statistiek, sonder meer af te lei is.

(b) Engelbrecht / Ingelbrecht.

(i) Die 11 keer wat "Engelbrecht" voorkom, lewer genoegsame bewys dat die [ɛ]-uitspraak wel bestaan het.<sup>21)</sup> Die spelling met i verskyn in "Art. 24" van die notule van die "Volksraadsvergadering" wat 15 Junie 1852 te Potchefstroom gehou is. Hierdie notule is opgestel deur die sekretaris van die landdros van Potchefstroom.<sup>22)</sup> Die taal is goed versorg en bewys dat die opsteller ruim

-----

21) In TR. II (1851 - ' 53) verskyn die vorm met e 5 keer. Vgl. bl. 65, 199, 443, 506, 507.

22) TR. II, bl. 70, voetnoot 20.

kennis van Nederlands besit het.<sup>23)</sup> Juis daarom verras dit dat hy die van Engelbrecht die twee keer wat hy dit gebruik, met 'n i spel. Blykbaar het hy die spelling van dié van nie geken nie, want hy spel dit met slot -gt (Ingelbregt), d.w.s. foneties. Sonder twyfel moet hy die uitspraak met [ə] dus geken het.

(ii) Die gevolgtrekking is derhalwe dat die [ə] - uitspraak naas dié met [ɛ] bestaan het, en verder dat die [ə]-uitspraak waarskynlik produktiewer was as wat die statistiek aandui.<sup>24)</sup>

#### 8. Plekname.

(a) Plekname het weinig stof opgelewer. Die jare 1845 - '50 lê binne die eerste dekade van Afrikanerves-tiging in die Transvaal ; gevolglik was daar nog nie veel plekke soos dorpe, distrikte e.s.m. aangelê nie. Die oorgrote meerderheid geraadpleegde korrespondensie kom van of is gerig aan adresse binne die Transvaal. Behalwe plekname wat in adresse, notules ens. verskyn, is daar dié waarna daar in korrespondensie en ander geskrewe stukke verwys word. Ook laasgenoemde is uit die aard van die saak gewoonlik Transvaalse plekname.

(b) Die enigste plekname waarin e naas i in be-toonde lettergrepe voorkom, is die volgende : Klepdrif, Vlakedref, Vresgewaag, Krokodelsrivier, Spetskop, Weldebeeskraal, Welgerrivier, Weltevreden, Wenburg, Wetpoort en Pietermaritzburg. Daar is 'n paar aspekte

---

23) TR. II, bl. 70 tot 84.

24) Vgl. B 2 (a) (ii).

in verband met hierdie groepie name waarop die aandag gevestig word:

(i) Almal het deur samestelling of samekoppeling ontstaan.

(ii) Die woordeenhede waaruit hulle opgebou is, is hoofsaaklik volkswoorde; in Pietermaritzburg 'n bekende naam en van.

(iii) Hulle is nie noodwendig in die Transvaal gevorm nie ; baie is moontlik saamgebring uit die herkomstgebiede in Kaapland. Net ten opsigte van Pietermaritzburg het ons historiese bewyse dat dit destyds 'n jong samestelling was, dog die gedeelte wat hierdie ondersoek raak, nl. -maritz, is 'n oubekende Afrikaanse van.

(iv) Al sou die meeste afkomstig wees uit die Kaapkolonie, sou hulle daar, as plekname, slegs "plaaslik" bekend gewees het.

(v) Wat onder (ii) (van die vorige paragraaf) vermeld is, is vir ons doel die belangrikste, nl. dat die woorde waaruit hierdie name opgebou is, volkswoorde is, dus algemeen bekend was, d.w.s. ook dié woorde waarin e met i afgewissel word, nl. klep-, dref-, vres-, wel-, wen-, krokodel-, spets-, welde-, welger-, wet-. Aangesien laasgenoemde woorde ook as individuele woorde, d.w.s. buite woordverbindinge, opgeteken is, bv. "de tweede drif, de bovenste dref", en as afsonderlike woorde onder "Volkswoorde" behandel word, is dit onnodig om hulle as plekname hier afsonderlik verder te bespreek t.o.v. die vokaalwisseling.

-----

(d) Wat in par. 5 (b) tot 6 (b) i.v.m. Lendeque/  
Lindeque, Wellem/ Willem, ens. opgemerk is, het ook be-  
trekking op Pietermaretzburg (5) / Pietermaritzburg (3),  
ten gevolge waarvan die vokaalwisselingsaspek hier nie  
verder bespreek word t.o.v. hierdie pleknaam nie.

-----

C. WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN MAANDNAME.

Aprèl	April
50	9
September	Septimber
36	1

1. Aprèl / April.

In die sg. "suiwer Nederlandse" stukke kom April deurgaans met i voor, bv. in TR. I, bl. 42, 45, 66, 80, 81, 97, ens. Die opgetekende gevalle met i sluit dus by die Nederlandse spelwyse aan, d.w.s. die tradisionele spelwyse van die woord. Dit in aanmerking genome, kan daar nie sonder meer aanvaar word dat i in elkeen van die opgetekende gevalle die kwaliteit van [ə]besit nie, m.a.w. die moontlikheid bestaan dat April in hierdie nege gevalle of minstens sommige daarvan met i gespel word deurdat die skrywer die tradisionele spelwyse geken het en gehandhaaf het ten spyte van 'n uitspraak met [ɛ]. Omdat daar egter geen bewys voor gevind kan word dat i hier noodwendig oral 'n [ɛ] in die spraak verteenwoordig nie, kan aangeneem word dat dit minstens in sommige gevalle 'n uitspraak met [ə] weergee.

Die e-spelling, veral as 'n mens op die veelvoorkomendheid daarvan let, bewys dat ons hier met 'n fonetiese spelwyse te doen het. Hierdie maandnaam moet goed bekend gewees het ; dit is kort ; die tradisionele skriftelike vorm eenvoudig. Dit is dus onwaarskynlik

-----

dat die skrywers wat die tradisionele skriftelike vorm geken het, ten opsigte van die spelling sou fouteer het. Foutiewe spelling kan dus nie 'n bevredigende verklaring wees vir die verskyning van e in plaas van i in 50 gevalle nie. Dit kan ook nie aangeneem word dat almal wat dié maandnaam op skrif gebruik het, die tradisionele spelling daarvan geken het nie. Wie die tradisionele skriftelike vorm nie geken het nie, sou die heersende uitspraak as leidraad gebruik het by die spelling. Voeg hierby dat April/ April, soos trouens alle maandname, 'n hoë gebruiksfrekwensie gehad het, veral in die spreektaal, dan lê dit voor die hand dat die oorgrote meerderheid e-vorme op 'n fonetiese spelwyse dui. Daar kan dus nie twyfel bestaan oor die grootskaalse uitspraak met [ɛ] nie.

Wat uit die gegewens duidelik blyk, is dat [ɛ] naas [ə] in die uitspraak van April/April voorgekom het, met die [ɛ]-uitspraak die oorheersende. Die uitslag t.o.v. die verbreiding van die betrokke vokale is verrassend in dié sin dat die vokaal wat tradisioneel die produktiefste is en tans in A.B. Afrikaans heerskappy voer, toentertyd in die spraak van die Transvalers swak verteenwoordig was.

2.           September / Septimber.

In die geraadpleegde bronne kom November en Desember dikwels voor, dog nêrens met i in die tweede lettergreep nie. In TR. I kom November in hierdie vorm

-----

voor o.a. op bl. 170 (4), 178 (8), 180 (1), 181 (1), 184 (1), 189 (1), 194 (5), 195 (6) ; Desember op bl. 172 (1), 178 (1), 184 (5), 189 (4), 193 (1), 195 (9), 196 (13) ; op bl. 174 verskyn Deetzember 1 keer.

Waar hierdie twee maandname ruim vormooreenkoms met September vertoon en nêrens met i geskryf word nie, lewer die één voorbeeld van September met 'n i teenoor die 36 e-vorme nie genoeg rede om enigsins te vermoed dat die vorm met i foneties gespel is nie.

In maandname is die vokaalwisseling dus beperk tot April.

-----

D. WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN KULTUURWOORDE.

assestente	assistinte
1	1
dokument	dokumint
1	1
subskrepsie	subskripsie
1	1
dienswellig	dienswillig
5	3
weledele	wiledele
46	2

Vir baie Afrikaanssprekendes is sommige of al hierdie woorde in so 'n mate alledaagse gebruiksmiddele dat hulle hierdie woorde nie juis meer as kultuurwoorde aanvoel nie. In die onderwysseer byvoorbeeld, is "assistent" net so 'n doodgewone woord soos "onderwyser" en "leerling". "Tender" is 'n bekende bouterm en word selfs buite die boubedryf grootskaals aangetref. Die woord "subskripsie" is in verskeie taallae algemeen in gebruik. Waar genoemde drie woorde in die spreek- en skryftaal deesdae 'n groot gebruiksfrekwensie belewe, is "dokument", "dienswillig" en "weledele" eerder beperk tot die skryftaal, by uitstek laasgenoemde twee, en dan wel in kringe soos die Staatsdiens. Maar ondanks Afrikaans se gebruiksveld die jongste kwarteeu of meer op groot skaal uitgebrei het, sodat wat dertig, veertig jaar gelede, toe Afrikaans nog maar

-----



slegs 'n kultuurtaal in wording was, as geleerde woorde aangevoel is, vandag as gemeengoed bestempel word, het genoemde ses woorde darem nog nie tot die sfeer van die kenmerkend volkse deurgedring nie.

Wie wil vasstel of 'n bepaalde woord in 'n bepaalde periode kultuur- of volkswoord was, dien rekening te hou met die kultuurhistoriese agtergrond van die volksgemeenskap by wie die betrokke woord in gebruik was. Op grond van die lewenswyse van die Afrikaner in die jare 1845 - '50, veral in Transvaal, en die destydse status en gebruiksfleer van sy taal, behoort dit duidelik te wees dat genoemde ses woorde nie tot die volkstaal behoort het nie, maar wel "geleerde" of kultuurwoorde moet gewees het waarvan die betekenis nie onbekend was nie, maar wat selde in die volksmond teëgekóm is. Dit word bevestig deur die geringe aantal kere wat dié woorde op skrif gevind is. Slegs dienswellig / dienswillig en weledele / wiledele kom meer as twee keer voor en dan as deel van die stereotipe slot en/of aanhef van amptelike briewe.

Daar bestaan dus nie rede om te verwag dat die spelling van die onderhawige woorde toentertyd bekend was nie. Vandaar dat die verskyning van i naas e in dieselfde woord aan 'n gebrek aan kennis van die heersende spelling gewyt kan word. Waar 'n skrywer die spelling van 'n woord nie ken nie of daaroor twyfel, bly daar vir hom net een wegwysers oor, nl. die uitspraak, sodat die resultaat op skrif 'n weergawe is van wat die skrywer

-----

as die korrekte of beskaafde uitspraak beskou. Uit hierdie hoek benader, kom dit voor dat die e en i in die gegewe woorde 'n uitspraakverskil aandui. Hierdie interpretasie van die verskil in die skrifbeeld word gerugsteun deur die ruim neiging tot afwisseling van [ɛ] met [ə] wat tot dusver deur hierdie ondersoek aan die lig gekom het. Waar die tendens betreklik algemeen voorgekom het in die volkstaal en by name en vanne, is dit natuurlik dat hy hom sou laat geld ook in kultuurwoorde, al sou dit ook op veel geringer skaal plaasgevind het.

As dit waar moet wees dat die verskil in die skrifbeeld hier 'n uitspraakverskil weerspieël, het dit meer as die gewone waarde vir hierdie ondersoek. 'n Bepaalde neiging in 'n taal, bv. nasalering, werk die snelste en intensiefste by woorde, woordgroepe ens. wat tot die volkstaal behoort en wat 'n hoë gebruiksfrekwensie besit. So byvoorbeeld, word die a in "gans" in Psalm 130 in die reël "uit dieptes gans verlore..." nie genasaleer nie ; in die konstruksie "gans te stadig" dikwels wel ; in die diernaam sonder uitsondering altyd. Ondanks die besonder sterk neiging tot nasalering in Afrikaans openbaar kultuurwoorde tog 'n taamlieke weerstand daarteen. As die neiging tot afwisseling van [ɛ] met [ə] dan al selfs tot die kultuurwoord sou deurgedring het, beklemtoon dit hoe sterk dié neiging in die taal van die Transvalers van destyds teenwoordig was.

---

E. WISSELING VAN [ɛ] EN [ə] IN VOLKSWOORDE.

1. Wisseling voor nasale: [n,ŋ,m]

In verband met die afwisseling van [ɛ] met [ə] voor 'n nasaal verklaar T.H. le Roux en P. de V. Pienaar: "Die rede is dit dat, hoewel [ɛ] meer na vore in die mond uitgespreek word as [ə], die twee vokale tog baie eners klink voor 'n nasaal en dus met mekaar afwissel. Die lae inherente toon van die nasaal, werkende in die rigting van toonassimilasie, kan ook die verandering meebring het." <sup>1)</sup>

(a) Voor [n]

(-) hender (-)	(-) hinder (-)
6	4
herenner	herinner
13	3
kend	kind
5	16
men	min (onbepaalde vnw.)
5	6
men (-)	min (-) onbepaalde telw.)
6	8
vermending	vermindering
2	1
send(en)	sind(en)
4	2
twentig	twintig
3	9

1) T.H. le Roux en P. de V. Pienaar: Afrikaanse Fonetiek bl. 54, par. 253.

(-) vend	(-) vind
24	42
wen	win
3	5
Wenburg	Winburg
9	22
en	in (voegwoord) 2a)
6	78
en	in (voorsetsel) 2a)
151	6
enbreuk	inbreuk
1	0
engesetene	ingesetene
3	10
enkom	inkom
2	4
enlaat	inlaat
1	0
enlê	inlê
1	0
enlewer	inlewer
1	2
enlig	inlig
1	1
enloop	inloop
26	2
ensien	insien
1	0

---

2a) Aangesien die voegwoord "en" en die voorsetsel "in" so veelvuldig voorkom (baie meer as 78 en 151 resp.), word dit nie nodig geag om die presiese frekwensiesyfers te bepaal nie.

ensweer	insweer
1	2
enwoon	inwoon
3	1

(i) (-) hender (-) / (-) hinder (-)

Die simpleks is nie opgeteken nie. Met e is aangetref verhendert (3), ongehendert (2) en gehendert (1) ; met i verhinderd/t (2), verhindere (1) en ver<sup>2b)</sup>hinderen (1).

Hoewel die vorm met e selfs al in Middelnederlands voorgekom het, is dié met i sedert die middeleeue oorheersend in Nederlands en tans die erkende in die Afrikaanse skryftaal. In die simpleks sowel as sy afleidinge wissel [ɛ] en [ə] mekaar vrylik af in die Afrikaanse spreektaal, veral by die ouer geslag. Onder invloed van die skryftaal en faktore soos die skool, die universiteit ens. wen die [ɛ] vinnig veld ten koste van [ə].

Dat die [ə] -uitspraak bestaan het, ly nie twyfel nie : die behoudende invloed van die skryftaal sou daarvoor gesorg het. Bloot geoordeel na die getal kere wat die vorm opgeteken is (in vergelyking met die getal e-gevalle), wil dit voorkom dat dit destyds nie produktief was nie.

Wat opmerklik is van al ses vorme met e, is dat die skrifbeeld nêrens blyke toon van assimilasie van

-----

2b) Die gevalle met e kom uit stukke uit die jare 1851 en '52.

d deur n nie - 'n klankoorgang wat in die taal van die pioniers tog seker nie kon uitgebly het nie. Die behoud van die d dui aan dat die woord in sy geskrewe vorm nie onbekend was nie. En tog word die tradisionele i deur e vervang. In hierdie omstandigheid lewer die herhaalde gebruik van e in plaas van i genoegsame bewysrede om aan te neem dat e.g. letter [e] verteenwoordig.

(ii) herenner / herinner

13

3

Van "herenner" verskyn die volgende vorme: herhenderd/t (3), herhenderen (4), herhendere (2), herrenderen (1), herendere (1) en herenner (2) ; van "herinner" : herrinderen (1), herinneren (1) en herinnerin (1).

Die uitgange, hoe foutief ookal, in die e-sowel as die i-woorde bewys dat die skrywers Nederlands getrou probeer skryf het. In die e-woorde kom meer spelfoute voor as in die i-woorde. 'n Oortollige h kom 9 uit die 13 keer in eersgenoemde voor. Dit bewys dat die skrywers van die e-woorde weinig kennis gedra het van die geskrewe woord en dat hulle spelling sterk beïnvloed is deur die uitspraak. Die gebruik van die oortollige h kan nie anders verklaar word nie as dat daar tussen die r en e 'n oorgangsklank ontstaan het. Ten gevolge hiervan kan die tweede en derde lettergreep volksetimologies verwar geword het met hender / hinder, waarvan die spelling beter bekend moet gewees het as dié

-----

van herenner / herinner (vanweë eersgeneoemde se groter verbruiksfrekwensie en eenvoudiger vorm); vandaar die herhaaldelike verskyning van die oortollige d. Waar daar soveel aanduidings van fonetiese spelling bestaan, moet aanvaar word dat die e in die tweede lettergreep die waarde van [ɛ] besit.

Ook die i-woorde openbaar verskeie spelfoute. Daarby is die [ə]-uitspraak die tradisionele in Nederlands en die oorheersende in A.B. Afrikaans. Daar bestaan dus geen rede waarom die bestaan van hierdie uitspraak betwyfel kan word nie.

(iii) kend(-) / kind (-)  
5                      16

Met e kom die volgende vorme voor: kenderen (2), kendere (1), kenders (1) en kend (1); met i die volgende: kinderen (8), kindere (4) en kind (4).

Op grond van die getal kere wat die i-vorm aangetref word, kan die bestaan van die [ə]-uitspraak nouliks in twyfel getrek word.

Die uitgange by "kenderen" en "kendere" ver-raai duidelik kennis van Nederlands; desnietemin word i vervang deur e. Die meervouds -s van "kenders" bewys dat die skrywer die Nederlandse meervoudsuitgang nie geken het nie. In dié omstandigheid kan die e net sowel 'n aanduiding van sy uitspraak wees as wat die s dit is. Die konserwatisme van die skryftaal in aanmerking genome, kan die [ɛ]-uitspraak selfs meer verbreed

-----

gewees het as wat die statistiek aandui.

(iv) men / min (onbepaalde v.nw.)

5            6

Die vervanging van die Afrikaanse "mens / 'n mens" deur "men / min" in hierdie periode hang saam met die gebruik om Nederlands as skryftaal aan te wend. Vir die destydse pioniers moet "men / min" hoofsaaklik 'n boek- of skryftaalwoord gewees het; moontlik kon dit af en toe in die spraak wel voorgekom het, bv. in formele situasies soos vergaderings, waar Nederlands gewoonlik gebesig is.

Omdat die woordjie so kort en die spelling so ongekompliseerd is, bewys die reëlmatige wisseling van e en i in hierdie omstandigheid dat die gebruikers van i onder die indruk verkeer het dat die woord met [ə] uitgespreek word - die van e dat die vokaal 'n [ɛ]-kleur het.

Waar die betrokke vokale hier voor 'n nasaal staan, kan die wisseling in die ortografie ook 'n aanduiding wees van die twyfel by die gebruikers van die woord oor die presiese kwaliteit van die vokaal, sodat ons van die skrifbeeld moet aflei dat die klankwaarde vir sommige nader aan [ɛ], vir ander nader aan [ə] gestaan het.

Die wisseling van [ɛ] en [ə] in hierdie vir die destydse Afrikaners reeds Nederlandse woord het besondere betekenis in dié sin dat dit 'n aanduiding gee

---



van hoe sterk die neiging was om die betrokke vokale met mekaar voor 'n nasaal af te wissel : die wisseling het selfs in woorde wat buite die sfeer van die spreektaal gelê het, opgetree.

(v) men- / min- (onbepaalde telw.)  
6            8  
vermending / vermindering            3)  
2            1

Ten gevolge van die klankomgewing waarin die wisseling e/i aangetref word, staan hierdie twee gevalle in noue samehang met die vorige.

"Men" verskyn nêrens as simpleks nie; wel as "menstens" en "menste"; "min" as "minder, minstens, minsten, minste".

Hierdie onbepaalde telwoord is 'n tipiese spreektaalwoord en wel met 'n ruim gebruiksfrekwensie. En aangesien die spelling daarvan eenvoudig is, dui die verskyning van e naas i in die skrifbeeld beslis 'n klankwisseling aan.

Uit die aard van sy betekenis behoort "mindering" in 'n groter mate tot die sfeer van die geleerde taal as "vermending". Dat die i in eersgenoemde behou word, en in laasgenoemde deur e "vervang" word, verbaas dus nie. "Minding" sou in die spreektaal selde voorgekom het; "vermindering" wel dikwels. Dat die e in laasgenoemde 'n[ɛ] voorstel, terwyl die tradisionele

---

3) Vergelyk ook Menaar / Minnaar onder "Eiename", B 5 (b) en (c). Verhouding e/i resp. 11/29.

[ə]-uitspraak in eersgenoemde behou word, lyk dus  
4)  
waarskynlik.

(vi) send(en) / sind(en)  
4 2

Met uitsondering van "ik sent.." (praesens) staan die woord deurgaans in die infinitief en word dit soos volg gespel: zenden / zinden. Die behoud van die z en slot-en bewys dat die skrywers die woord in sy geskrewe vorm moet geken het. Dat dit die kenmerkende Afrikaanse "stuur" vervang, toon dat die skrywers hulle van Nederlands wou bedien. Dit lyk onwaarskynlik dat zenden / zinden toentertyd tot die volkstaal kon behoort het; hoogstens kon dit 'n skryftaalterm gewees het wat hoofsaaklik gebruik is deur amptenare e.s.m. wat in 'n mate onderleg was in Nederlands. Dat e en i mekaar in hierdie omstandigheid tog in die skrif afwissel, is 'n aanduiding van hoe sterk die neiging was om [ɛ] en [a] voor 'n nasaal met mekaar af te wissel, want wie "zinden" geskryf het, het 'n redelik goeie kennis van die Nederlandse spelling van die woord gehad. 'n Spelfout t.o.v. die "z" sou waarskynliker wees as t.o.v. die betrokke vokaal. Dit is aanneemlik dat diegene wat die woord met i gespel het, wel gespel het soos wat hulle 5) gereken het dat die woord uitgespreek (moet) word.

(vii) twentig / twintig  
3 9

Twee van die vorme met e kom in hierdie ver-

- 
- 4) Die vorm "mens" word 70 keer aangetref teenoor "mins" 3 keer. Op grond van die getalsverhouding word die moontlikheid van klinkerwisseling hier gering geag. Verder behandel onder E 1 (xiv).
- 5) Die woord "sen" (=begeerte, mening) kom 2 keer voor, dog sonder die ekwivalent met i. Of die uitspraak met [ə] destyds ooit voorgekom het, kan nie bepaal word

band voor : "ses en twentig graat " (= breedtegraad)  
"twentig pont ".

Die slot -t in "graat" en "pont" is 'n duidelike aanduiding van fonetiese spelling.<sup>6)</sup> Hierdie neiging in die spelling van 'n woord in die onmiddellike omgewing van "twentig" lewer 'n sterk pleidooi ten gunste van [ɛ]-waarde van e in "twentig".

Die woord "graad" (= breedtegraad) verskyn tesame met 4 van die i-vorme, en sonder uitsondering is "graad" met 'n d gespel. Die gebruikers van die i-vorm het dus minstens 'n mate van kennis van die Nederlandse spelling gehad. Dit sou dus foutief wees om sonder meer te aanvaar dat elke i in die 9 i-vorme 'n [ə] verteenwoordig.

(viii) (-) vend / (-) vind<sup>7)</sup>  
24 42

Die simpleks van hierdie woordjie is drie keer met slot -t geskryf ; origens is die spelling deurgaans korrek. Die verklaring vir die korrekte spelling is ongetwyfeld geleë in die kort en eenvoudige vorm van die woord. Dit blyk dus dat die verskyning van e naas i in die ortografie nie aan foutiewe spelling toegeskryf kan word nie, veral nie as die verskyningsfrekwensie van die twee letters onderskeidelik in aanmerking geneem word nie. Wat eerder kon gebeur het, is dat die i (vanweë die invloed van die tradisionele spelwyse van die woord), in verskeie ge-

-----  
nie. Die vorm met [ɛ], wat in A.B. Afrikaans nie erken word nie, is hier nietemin vermeldenswaardig. Vgl. ook E 1 (xii).

- 6) T.H. le Roux en P. de V. Pienaar: Afrikaanse Fonetiek, par. 179: "Die stemhebbende eksplosiewe...word op die end voor 'n pouse..sonder uitsondering stemloos!"
- 7) vend/vind: die ww., = aantref, ontmoet, ontdek...In-

valle in die spelling behoue gebly het ten spyte van die bestaan van [ɛ] in die uitspraakvorm van daardie woorde, sodat die verbreiding van [ɛ] en [ə] in die spraak veel ewerediger kon gewees het as wat die statistiek aandui.

(ix)	wen	/	win
	3		5
	Wenburg/		Winburg
	9		22

"Wen" verskyn in die volgende vorme en verband : "verklaringen.... inwend, en te wennen; endien ....Malook....overwent...worde"; "win" in: "gevoelens ....., lysten ....in te winnen; stemmen...te gewinnen".

Die spelling van die sinne waarin die e- en i-vorme voorkom, staan op gelyke peil, sodat nòg die een nòg die ander wisselvorm (in die ortografie) aan foutiewe spelling toegeskryf kan word.

Wenburg/ Winburg was in die onderhawige periode 'n jong, pas gevormde verbinding wat hoofsaaklik in die spreektaal in gebruik moet gewees het. Wie dié pleknaam geskryf het, kon hom dus nie op spellingtradisie beroep nie. Tog is dié woord oral korrek geskryf, die vokaalwisseling uitgesonderd. In hierdie lig beskou, is die 9 e-gevalle naas die 22 met i openbarend van die wisselbaarheid van [ɛ] en [ə] tussen [v] en [n].

Die verskyning van [ɛ] naas [ə] in hierdie

---

begrepe is ook die afleidinge "bevind, ondervind". Die in Afrikaans bekende s.nw. "vent / vint" (= kêrel) is nêrens aangetref nie.

pleknaam ondersteun die gevolgtrekking dat dié twee vokale mekaar ook in die simpleks wen / win afgewissel het.

(x) Voegwoord en / in

+ 78

Voorsetsel en / in

151/ -

As die voegwoord "en" en die voorsetsel "in", soos wat hulle in Afrikaans voorkom, suiwer leksikografies met mekaar vergelyk word, blyk dit dat die morfologiese verskil tussen hulle 'n foneemverskil is: die nasaal is 'n gemeenskaplike vormkenmerk; die enigste oorblywende kenmerk waardeur dié twee woorde van mekaar afgegrens word, is dat die een 'n[ɛ] besit en die ander 'n [ə] .

'n Suiwer leksikografiese vergelyking is egter te beperk vir ons doel. Per slot van rekening gaan hierdie ondersoek oor 'n fonetiese verskynsel. 'n Breër linguïstiese benadering is dus noodsaaklik. Die verskil tussen die voegwoord "en" en die voorsetsel "in" moet in hulle gebruiksveld van nader beskou word, d.w.s. in hul sintaktiese verskyning.

In omstandighede soos die volgende verrig die foneme [ɛ] en [ə] 'n woordonderskeidende funksie:

Ek het die nes gesien.

Ek het die nis gesien.

'n Breë weg.

'n Breë wig.

Hier staan die woorde waarin [ɛ] en [ə] onderskeidelik voorkom, in opposisie tot mekaar, en is die vokaalverskil telkens die enigste middel waardeur die semantiese verskil aangetoon word (die breër verband waarin die gegewe sinne / sinsdele voorkom, buite rekening gelaat.)

Let daarop dat daar tussen nes / nis en weg/wig in die gegewe verband nie 'n linguïsties - funksionele verskil is nie; beide is selfstandige naamwoorde.

Vanweë hul linguïsties - funksionele verskil, kom die voegwoord "en" en die voorsetsel "in" in Afrikaans uiters selde in opposisie teenoor mekaar te staan in sinsverband. Vergelyk die volgende situasies:

Ek en Jan ry saam (voegwoord).

Ek in Jan ry saam ('n onbestaanbare konstruksie in Afrikaans).

Die kroon en die beursie het weggeraak.

Die kroon in die beursie het weggeraak (albei struktureel in orde).

In die opgetekende sinne en sinsdele waarin "en" en "in" voorkom, kan die voegwoord en die voorsetsel nêrens in opposisie tot mekaar staan nie: waar die voegwoord as "in" verskyn, kan hy dus nie met die voorsetsel "in" verwar word nie; en waar die voorsetsel as

-----

"en" voorkom, kan hy weer nie met die voegwoord "en" verwar word nie, m.a.w. die versamelde stukke lewer nie 'n geval op waarin dit dringend noodsaaklik is dat òf die [ɛ] òf die [ə] as woordonderskeidende element hoef te funksioneer nie t.o.v. die betrokke voegwoord en voorsetsel.

Hierdie besondere omstandigheid is dus ideaal vir die afwisseling van [ɛ] met [ə], sodat dit nie sou verbaas as die letter e in die 151 voorsetsels "en", en die letter i in die 78 voegwoorde "in" in 'n groot mate aan fonetiese spelwyse toegeskryf kan word nie. Dat die e die i en die i die e soms vervang ten gevolge van spellingverwarring, is moontlik, maar dat dit respektieflik 78 en 151 keer kon plaasgevind het, lyk onaanneemlik.

In die vlugge en in die versigtige omgangstyl in huidige Afrikaans kom naas die [ɛ] van die voegwoord "en" dikwels 'n [ə] voor (al is dit ook soms 'n genasaleerde [ə]), en wel by uitstek in posisies waar "en" onbetoond of minder betoond as gewoonlik is, en ook waar dit klities voorkom. Dit blyk byvoorbeeld uit die volgende transkripsie: 8)

[.tu ək nɔx fo:rsko:cis xədra: hət ə-səi ə-mədəlja:-  
rəxə frou vas, mo:i ə-layk. ɛn-nou as ɛk mədəlja:rəx ɛn  
tan(t) ta:pi out əfɔl plo:iə ən dø:rtrək fan-(d)i rymatik.]

Wêrens in die tekste verskyn die voegwoord as "in" met sterk nadruk nie, soos byvoorbeeld in "èn Jan èn Piet...". 'n Paar voorbeelde illustreer dit duidelik:

"....berigt...van Paanda in andere." (TR.I,bl.33)

---

8) T.H. le Roux: Afrikaanse Taalstudies, bl. 153, vii, eerste paragraaf.

- "..soo is in word..." (t.a.p.)  
"..onze vee ongezond is in wij niet.."(TR.I,b1.226)  
"..meegetrokken zijn in niet wetende.."(TR.I,b1.277)  
"..besaay in beplant.." (TR.I.b1.278)  
"..eerbiet in getrouwhyd..." (TR.I.b1.301)

Selfs al sou i hier deur e vervang gewees het, sal die goeie leser en normaalsprekende 'n [ə] hier laat hoor.

Samevattend kan die volgende ten opsigte van die voegwoord en / in opgemerk word: Aangesien dit as "in" in die tekste nêrens in opposisie tot die gelykluidende voorsetsels verskyn nie, die afstand tussen [ə] en [ɛ] voor 'n nasaal gering is, die [ɛ] in swak be- toonde posisies in die sinsverband geneig is om af te wissel met [ə] en 78 voorbeelde met i opgeteken is - die skryftradisie as behoudende faktor ten spyte - teenoor 'n groot aantal met e, bestaan daar rede om aan te neem dat die [ə] en [ɛ] mekaar vry algemeen afgewissel het, behalwe in gevalle waar "en" om bepaalde redes sterk be- nadruk is - waar die [ɛ] hom makliker kon gehandhaaf het.

Met betrekking tot die voorsetsel "en" is reeds gesê dat dit nêrens in opposisie tot die voegwoord aange- tref is nie. Die sterkste pleidooi ten gunste van 'n uitspraak met [ɛ] is daarin geleë dat die voorsetsel so dikwels, nl. 150 keer, met e geskryf is - ten spyte daarvan dat dit weens sy groot gebruiksfrekwensie baie

-----



goed bekend moet gewees het, ook in sy skriftelike vorm (met i), en dat die spelling tog doodeenvoudig is - naas honderde gevalle met i, wat weer op 'n [ə] -uitspraak dui. Blykbaar het ons hier dié twee moontlikhede: òf 'n aanduiding in die skrif van 'n ruimskootse wisseling tussen [ə] en [ɛ] (met dien verstande dat dié twee klanke naby aan mekaar geleë is) òf net een klank wat êrens tussen [ɛ] en [ə] gelê het sodat dit moeilik moet gewees het om te bepaal met watter een van die twee ([ɛ] of [ə]) dié klank die meeste ooreengekom het, ten gevolge waarvan 'n inkonsekwensie in die ortografie aangetref word, veral by diegene wat nie meer so goed vertrouwd was met die Nederlandse skryftaal nie.

(xi)	enbreuk	inbreuk
	1	0
	engesetene	ingesetene
	3	10
	enkom	inkom
	2	4
	enlaat	inlaat
	1	0
	enlê	inlê
	1	0
	enlewer	inlewer
	1	2
	enlig	inlig
	1	1
	enloop	inloop
	26	2

ensien	insien
1	0
enwoon	inwoon
3	1
<hr/>	<hr/>
41	22

Wat opmerklik is van hierdie groep verbindings, is dat die vorm met i - wat die tradisionele skriftelike vorm is - in 'n minderheidsverhouding tot die met e staan. By die volkswoord inloop / enloop is die verbreiding selfs eensydig. Hierteenoor handhaaf die tradisionele i hom beter by "ingesetene" / "engesetene", wat vir dié tydvak as kultuurwoord bestempel kan word.

Die verbreiding van i en e in hierdie groep verbindings steun die moontlikheid dat die uitspraak met [ɛ] voorgekom het.

Die feit dat die i hier slegs 22 keer aangetref word, en dit terwyl dit die tradisionele spelwyse verteenwoordig, skep die indruk dat die uitspraak met [ə] baie selde voorgekom het of dat die [ə] slegs nog op skrif voorgekom het en in die spreektaal deur [ɛ] in 'n groot mate verdring kon gewees het. Die groot aantal kere wat "in" afsonderlik, buite verbinding, verskyn, weerspreek laasgenoemde moontlikheid egter.

(xii) Die moontlikheid dat die vokaalwisseling in die volgende twee woorde kon voorgekom het, bestaan wel:

-----

begin(ne)	begin(ne)
8	0
sen	9) sin
2	0

Van beide woorde lewer die geraadpleegde tekste nie 'n enkele vorm met i op nie. Die moontlikheid dat die [ə]-uitspraak wel bestaan het, is nie uitgeslote nie, want histories is die vorme met [ə] die tradisionele in Nederlands en die algemeen beskaafde in huidige Afrikaans. Andersyds doen die vorme met e hoegenaamd nie vreemd aan nie: baie ongeletterde oumense spreek dié twee woorde vandag nog met [ɛ] uit. Die vorm "sen" naas "zin" ( wil, begeerte e.s.m.) het reeds in Middelnerlands voorgekom.<sup>10)</sup>

Die statistiek skep die indruk dat die uitspraak met [ə] in vergelyking met dié met [ɛ] swak verbreid moet gewees het.

(xiii) omtrent / omtrint <sup>•</sup>
27                      4

Die vorm met e verteenwoordig die tradisionele Nederlandse spelling van die woord. Dat almal wat die woord op skrif gebruik het, die e onder invloed van Nederlands gebruik het, is nie aanneemlik nie. By 'n paar van die skrywers kon die Nederlandse skriftelike vorm 'n rol gespeel het, maar beslis nie by almal nie. Die e -spelling moet dus in verband met die uitspraak staan.

9) S.nw., bv. iemand sy sen / sin gee.

10) J. Verdam: Middelnerlandsch Handwoordenboek.

Die [ə]-uitspraak in Nederlands is baie oud. In Middelnederlands kom "omtrint" naas "omtrent" voor. (Middelnederduits besit nog die b.nw. "trint" naas "trent"<sup>11)</sup> = rond). Histories beskou, is die vorm met [ə] in die spraak van vroeëre geslagte Afrikaners derhalwe nie 'n omwaarskynlikheid nie. Die vier vorme met i kan dus 'n uitvloeisel wees van 'n [ə]-uitspraak wat sommige van die destydse Transvalers besit het.

As dit in gedagte gehou word dat die ongeletterde in 'n groot mate agter die uitspraak aan skryf, toon die statistiek dat die [ɛ]-uitspraak dié met [ə] oorheers het.

(xiv)	mens	/	mins	<sup>12)</sup>	(s.nw.)
	70		3		

Blot statisties beskou, was die uitspraak met [ə] gans en al ondergeskik aan dié met [ɛ]. Vergelyk ons die destydse verbreiding van die onderskeie twee vokale in hierdie woord met die teenswoordige, lyk dit of die toestand nie veel verander het nie, behalwe dat die [ə] deesdae baie selde gehoor word - selfs in die spraak van oumense.

Histories het die betrokke vokale in mens / mins vroeg reeds wisseling openbaar. In Middelnederlands kom trouens naas die stamklinkers [ɛ, ə] ook [ɛ i] voor; selfs ook in afleidinge, bv. menschheit, en samestellinge, bv. menschwerdinge, het die twee vokale met mekaar afgewissel.

---

11) N. van Wijk: Franck's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.

12) Streng foneties beskou, is die vokale onder bespreking hier genasaleerd en gerek [ɛ̃:, ɛ̃:]. Voortvloeiend hieruit kan dié vraag vrywel gestel word: Staan

Om 'n eensydige interpretasie van die statistiese gegewens te voorkom, moet daar rekening gehou word met die feit dat die woord "mens" 'n hoë frekwensie in die Bybel het. Dit is dus te begrype dat die toentertydse geslag Afrikaners die woord in sy Nederlandse skriftelike vorm in mindere of meerdere mate geken het. Dit kon daartoe aanleiding gegee het dat "mens" met 'n e gespel is selfs waar die skrywer dit met [ə] uitgespreek het. Dientengevolge moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die statistiek 'n ietwat eensydige beeld lewer van die verbreiding van die twee vokale in "mens / mins".

Die uitspraak met [ə] was baie waarskynlik beter verteenwoordig, dog dat dit in 'n minderheidsverhouding tot die [ɛ]-uitspraak gestaan het, is net so waarskynlik.

(xv) Om 'n volledige beeld te kry van die omvang van die wisseling van [ɛ] en [ə] voor [n], moet die eiename en kultuurwoorde waarin die wisseling voor [n] optree, ook in berekening gebring word.

Die betrokke eiename is Hendrik / Hindrik (16/1), Henning / Hinning (1/1), Lendequie / Lândequie (7/4), Menaar / Minnaar (11/29), Prensloo / Prinsloo (46/50), Prens / Prins (2/0), Rensburg / Rinsburg (63/5), Venter / Vinter (52/3).

Tender / tinder is die enigste "boekwoord" waarin die wisseling voor [n] hom openbaar.

(xvi) Die aantal woorde waarin e met i voor

---

die vokaal hier voor n ? Foneties beskou, nie; fonologies, wel. Deur nasalering word die n gewysig sodat daar 'n "onvolledige" nasaal oorbly - 'n kombinatoriese variant van die n-foneem. Vgl. Meyer de Villiers: Afrikaanse Klankleer, bl. 83.

[n] in die ortografie afwissel, is so groot en die frekwensiesyfer van die onderskeie vokale so ruim, dat 'n mens, afgesien van ander oorweginge, hiervan moet aflei dat [ɛ] en [ə] mekaar in hierdie besondere klankomgewing vrylik afgewissel het.

(b) Voor [r]

breng (-)	bring(-)
7	3
(-)denk (-)	(-)dink (-)
17	10
deng	ding
1	3
lenker (-)	linker (-)
4	1
streng (-)	string
2	3

(i) breng (-) / bring (-)

Die vorm met e verskyn 6 keer as infinitief met behoud van die en-uitgang; 1 keer as "aanbrenger". Met i kom net "bringen" voor.

Die afwisseling van [ɛ] met [ə] (< Ndl. è) in die woord breng / bring is baie oud. In Middelnederlands was die vorm met [ə] (histories è) blykbaar produktiewer as dié met [ɛ]. In sy "Middelnederlandsch Handwoordenboek" gee Verdam eers die vorme met i, nl. "bringen" en "bringer", met daarnaas die vorme met e as

-----

wisselvorme. Die Nieunederlandse A.B. vorm is weer diè met [ɛ] .<sup>13)</sup> In huidige Afrikaans is die uitspraak met [ə] die heersende van die werkwoord "bring", maar t.o.v. "brenger" sluit Afrikaans blykbaar by die Nederlandse uitspraak met [ɛ] aan, dog "bringer" kom ook dikwels voor.<sup>14)</sup> Die twee vokale wissel mekaar reëlmatig af in die samestelling opbrengs / opbrings.<sup>15)</sup> (Die reëlmatige wisseling van [ɛ] en [ə] in opbrengs / opbrings en brenger / bringer laat ontstaan die vraag of die werkwoordvorm "brenge" nie ook nog as streektaalvorm aangetref word nie.)

Die weerstand wat die wisseling [ɛ] x [ə] eeuelank teen gelykmaking bied in Wes-Germaanse tale, is verbasend. Afgesien van Middelnederlands word dit ook aangetref in ofri. (brenge / bringa) ; in os. kom voor brengean ; in ags. brengean ; in onfri. bringon ;<sup>16)</sup> in ohd. bringan.

Op grond van hierdie ou en wydverbreide vokaalwisseling in verskeie vertakkinge van die Germaanse taalgroep kan daar wel nie sonder meer aangeneem word dat die wisseling ook in die onderhawige periode in die Transvaal voorgekom het nie. Maar weer: hier het ons 'n kort woordjie waarvan die spelling ongekompliseerd is, 'n alledaagse woord wat dikwels in die volksmond sou voorgekom het. Die werkwoord kom 9 uit die 9 keer met die Nederlandse infinitief -en voor; dit dui op 'n strewe by die skrywers om korrek te skryf. Desondanks openbaar die skrifbeeld 'n verskil ten opsigte van die vokaal —

---

13) In Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal verskyn brengen, brenger, brengester en brengeing slegs met e.

14) Die Afrikaanse Woordeboek (P.C. Schoonees) gee bringer as wisselvorm van brenger aan. Die Uitspraakwoordeboek van Afrikaans (Le Roux en Pienaar) verstrek net [brəŋ] en verswyg die uitspraak van brenger/

en uitsluitlik ten opsigte daarvan. Wat anders as 'n uitspraakverskil kon hiertoe aanleiding gegee het?

(ii) (-) denk (-) / (-) dink (-)  
17 10

Die vorm met e word soos volg aangetref:  
denken, d.w.s. met die Nederlandse infinitiefuitgang -en, (5); denk (5), denkt (2) en denkbeeld (3); as afleiding verdenken en bedenken (1 elk). Met i : dinken (1) ; dink (2) ; gedinkt, bv. "gedinkt hoe is het Nabot gegaan", (4, waarvan 3 keer met slot -t); dinkende (1) ; overdinking (2).

Soos in die geval van breng / bring dateer die vokaalwisseling by denk / dink uit Oud-Wesgermaans. Die Middelnederlandse [ɛ] wat deur i-umlaut ontstaan het uit ouer [ɑ], het in dialekte, bv. Vlaams, oorgegaan tot [ɛ̃]<sup>17)</sup> (> Afr.[ə]), sodat naas denken ook aangetref word dinken. Naas Middelnederlands denkenisse kom ook voor dinkenisse. Die amestelling "denkbeeld" dateer egter uit 'n later periode, nl. die 18de eeu.<sup>18)</sup>

En in 'n nog groter mate as by breng / bring word die vokaalwisseling in Afrikaans in die woord denk/ dink en sy afleidings en in verbindings waarvan dit 'n lid is, aangetref. In Deel II van "Die Afrikaanse Woordeboek" van P.C. Schoonees word die klinkerwisseling<sup>19)</sup> in die volgende woorde aangegee: denk (w.); denk (s.nw.); denkakte, -aktiwiteit, -arbeid, -beweging, -doel, -dwaling; denke (s.nw.); denkende; denker; denkersfiguur,

-----  
bringer.

15) Uitspraakwoordeboek van Afrikaans (T.H. le Roux en P. de V. Pienaar) erken beide vorme.

16) Franck-van Wijk: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.

17) J. Verdam: Middelnederlandsch Handwoordenboek. M.G., par. 79 (2) ; par. 106.



- tipe; denkfout, -funksie, -gewoonte, -handeling, -inhoud, -instrument, -krag, -lewe; denklik; denklui; denkmanier, -denkmateriaal, -metode, -middel, -noodsaaklik, -noodwendig, -oefening, -orgaan, -organisme, -plooi, -prestasie, -proses, -resultaat, -rimpel, -skakering, -sonde, -stof, -styl, -vermoë, -verrigting, -vryheid, -wêreld. En dan is hierdie gegewens nie die resultaat van 'n taalgeografiese ondersoek nie ! Dit lewer niemin voldoende bewys van die besonder sterk neiging tot afwisseling van [ɛ] met [ə] in die betrokke woord in A.B. Afrikaans. Natuurlik kon hierdie wisseling eers na 1850 in Afrikaans ingetree het of selfs voor 1845 in streke voorgekom het waarvandaan daar nie Trekkers Transvaal toe verhuis het nie, sodat die verskynsel eers na 1850 die Transvaal kon binnegedring het. Waar die wisseling in denk / dink in huidige Afrikaans op so 'n uitgebreide skaal aangetref word en 'n tradisionele verskynsel sedert die Middeleeue in Nederlands is, is dit beslis baie onwaarskynlik dat dit nêrens sou voorgekom het nie in die groot gebied waaruit die vroegste Transvalers afkomstig is.

Om terug te keer tot die versamelde stof: Die verskillende woordvorme bewys dat die skrywers korrekte Nederlands probeer skryf het en Nederlands in 'n mate geken het: die infinitief het oral die en-uitgang; die slot -t by denkt en gedinkt getuig van 'n bewuste poging om die on-Afrikaanse persoonsuitgange te gebruik; overdinking verskyn albei kere sonder sinkopee van die

-----  
18) Franck van Wijk: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.

19) By "denk" word opgemerk "Sien dink". Dit impliseer dat 'n gebruiker van die woordeboek dié woord onder denk of onder dink sal naslaan, m.a.w. dat die twee uitspraakvorme albei voorkom, tensy dié prosedure gevolg word bloot ter wille van nie-Afrikaanssprekendes.

intervokaliëse v; verder verskyn in die betrokke sindele werkwoordvorme soos zyn, waaren, weesen; die voornaamwoorde wy (wey), gy en men. Gebreke in die Nederlands kom wel ook voor, bv. ten opsigte van uitgange en spelling, bv. wey denk, men zouden, hy denk, ens.

Ten spyte van die mate van kennis van Nederlands en die oënskynlik bewuste poging om korrekte Nederlands te skryf, word die vorm met i tog 10 keer gebruik. By die simpleks "dink" is foutiewe spelling onwaarskynlik; by "gedink" eweneens. Laasgenoemde kan bestempel word as 'n Bybelwoord, soos trouens in twee gevalle duidelik blyk waarin daar na Nabet en Exodus verwys word. (En die Bybeltaal vir dié geslag Afrikaners was Nederlands.) Blykbaar het die Afrikaanse uitspraak met [ə] hier deurgebreek om die Nederlandse [ə] te vervang. Verdere bevestiging vir die bestaan van die [ə] -uitspraak is die voorkoms van i in "overdinking" naas die behoud van v in over-. Soos "gedink" moet "overdinking" ook eerder 'n boek- as 'n volkswoord gewees het. Dit het ook betrekking op die teenwoordige deelwoord "dinkende" in die sin "ik hep het gedaan dinkende het goed soude syn"; dié vorm van die werkwoord met hierdie grammatiese funksie kom selde in die volkstaal voor. <sup>20)</sup> Dat die Nederlandse e hier nie gehandhaaf is nie, bewys dat die uitspraak met [ə] beslis bestaan het.

Nou bly die 17 gevalle met e nog oor. Op grond van die feit dat die skrywers 'n mate van kennis van die Nederlandse skryftaal openbaar, moet aangeneem word dat

---

20) As attributiewe s.nw. word dit wel gehoor, bv. denkende wese.

die e in minstens sommige e-woorde hieraan toegeskryf moet word, d.w.s. dat die e in die spelling behou is ten spyte van 'n [ə] in die uitspraak van sommige van die e-woorde.

'n Gebrek aan kennis van Nederlands is egter ook aangetoon; derhalwe kan nie al die vorme met die kenmerkend Nederlandse e sonder meer as 'n blote Nederlandse , spelvorm aanvaar word nie. Buitendien kom die vorme met e ook baie meer voor as dié met i. Dat die e minstens in sommige gevalle 'n [ɛ]-uitspraak weergee, moet dus aanvaar word.

"Denk" kom in die samestelling "denkbeeld" sonder uitsondering met e voor. Ongetwyfeld moet "denkbeeld" as 'n kultuurwoord bestempel word, en dit kon verantwoordelik gewees het vir 'n sterker weerstand teen die neiging van [ɛ] (in denk) om oor te gaan tot [ə]. "Denkbeeld" sou ook in die betrokke periode 'n geringer gebruiksfrekwensie beleef het as denk / dink; dit sou 'n remmende invloed op die werking van die vokaalwisselingsneiging ten gevolg gehad het. In die gebruiksfrekwensie en die status van die woord lê moontlik die verklaring vir die heerskappy van [ɛ] in "denkbeeld" tot op die huidige dag toe.

Tog het ons gesien dat [ə]-uitspraak voorgekom het by "dinkende, overdinking, gedink" - ook boektaalwoorde met 'n geringe gebruiksfrekwensie.

Alles in aanmerking genome, blyk dit dat die

-----

wisseling van[ɛ]met[ə]in denk / dink, wat enersyds in Middelnerlands algemeen opgetree het en andersyds in huidige A.B. Afrikaans ruimskoots voorkom, ook bestaan het in die spraak van die Transvalers in die jare 1845-'50.

(iii) deng / ding  
1            3

Waar 'n woord só min voorkom, val dit moeilik om die kwessie van klinkerwisseling uit te pluus.

Dit is te begrype dat deng / ding, 'n gemeensame volkswoordjie, nie dikwels tot die formele sfeer van die skryftaal deurdring nie. Die woord is dus dikwels gehoor, maar selde op skrif gesien. Dientengevolge sou die uitspraak die skriftelike vorm maklik kon beïnvloed het. Na aanleiding hiervan pleit die voorkoms van i (3 keer) beslis vir die bestaan van die uitspraak met [ə]; andersyds verras die vorm met e. Sou laasgenoemde aan slordige spelling toegeskryf kan word? Moontlik wel. Die woord is as "dengen" opgeteken. In die tweede lettergreep verteenwoordig die letter e die neutrale vokaal. Gestel die skrywer wou [dɛŋən] neerskryf - kon die aanduiding van [ə] d.m.v. die letter e in die onbetoonde lettergreep hom nie mislei het, by wyse antisipasie, om ook 'n [ə] in die eerste lettergreep met e aan te dui nie? Dit is moontlik, maar dat dit wel plaasgevind het, kan nie bewys word nie.

Die e kan ook anders geïnterpreteer word: die

-----

betrokke skrywer bedien hom dikwels van Nederlandse vorme, bv. die lidwoord "de", die meervoudsuitgang -en (dengen, beswaaren). Dit laat vermoed weer dat die uitspraak aanleiding gegee het tot die gebruik van e in die betoonde lettergreep waar dit in die Nederlandse skryftaal 'n [ɛ] verteenwoordig.

Die klankwaarde van e lewer dus twee moontlikhede op. Dit is selfs nie eers moontlik om te bepaal welke van die twee moontlikhede die waarskynlikste is nie. Word die ruim wisseling van [ɛ] en [ə] voor [ɿ] in breng / bring en denk / dink egter in aanmerking geneem, veral dié in denk / dink, is die vokaalwisseling in deng / ding nie so erg onwaarskynlik nie.

(iv)      lenker (-) / linker (-)      21)  
            4                                      1

Dié woord word so selde aangetref dat daar nie veel van afgelei kan word nie. Bloot op die syfers afgaande, kom dit voor dat die [ɛ] -uitspraak wel in swang was en dat die [ə] -uitspraak òf selde voorgekom het òf glad nie. In die spreektaal moet die woord veelvuldig gebruik gewees het. Wat ook belangrik is, is dat e en i deur dieselfde skrywer 'n paar reëls na mekaar aangewend word in "lenkerhand" en "linker zyde" ,<sup>22)</sup> wat beteken dat die skrywer òf oor die uitspraak getwyfel het òf die [ɛ] -uitspraak gebesig het, maar die "korrekte" spelling geken en per abuis die e een keer gebruik het (onder invloed van die uitspraak).

---

21) Die woord verskyn àl vyf keer in samekoppeling.  
22) TR. I, bl. 190.

(v) streng (-) / string (-)

2

3

Met e verskyn net "strengste"; met i "stringe" (1) en "stringelikste" (2).

Die sinne waarin die e- en i-vorme voorkom, bevat enersyds woorde wat korrek, met daarnaas ander wat foutief (of "foneties") gespel is, bv. respektieflik "maatregelen" naas "geschrefen", "iegelyk" naas "aangesegt". Die spelling openbaar dus dat die skrywers agter die uitspraak aan spel waar hulle kennis van die Nederlandse spelling hulle in die steek laat, sodat daar van die verskyning van e naas i afgelei moet word dat dié twee letters twee verskillende vokale verteenwoordig.

(vi) Ten slotte word verwys na Engels / Ingels (24 / 6) en Engelbrecht/ Ingelbrecht (11 / 2) wat reeds onder "Eiename" (E 7 (a) en (b) ) bespreek is. Altesame is daar dus sewe woorde waarin die vokaalwisseling voor [ŋ] blykbaar opgetree het. Vir soverre daar van die statistiek 'n afleiding gemaak kan word, blyk dit dat die wisseling voor [ŋ] nie so produktief was as voor [n] nie. Die woorde waarin die wisseling voor [ŋ] aangetref word, tesame met die talle woorde waarin die wisseling voor [n] verskyn, gee 'n aanduiding van hoe sterk die tendens was om [ɛ] en [ə] voor 'n nasaal af te wissel.

(c) Voor [m]

emmers

immers

1

2

September

Septimber

36

1

Die moontlikheid van vokaalwisseling in September / Septimber is reeds onder "Maandname" ( (G 2) bespreek; derhalwe word hier net by emmers / immers stilgestaan.

Dit is jammer dat hierdie voegwoordelike bywoord nie meer dikwels in die geraadpleegde werke aangetref word nie, aangesien die [ɛ/ə]-wisseling hierin baie oud is en tans nog in Nederlandse dialekte aangetref word. Naas die e- en i-vorme kom trouens ook nog die wisselvorme "ommers" en "ummers" voor. Dié vier vorme word ook in Middelnederlands gevind. In Nederlandse dialekte oorheers die vorm met o.<sup>23)</sup>

Op grond van die ryke vokaalwisseling in Nederlands oor 'n wye span van soveel eeue, behoort die moontlikheid van die [ɛ/ə]-wisseling ondersoek te word ondanks die karigheid van die materiaal.

Dit is nie met sekerheid te bepaal nie, maar moontlik kon al vier vorme Suid-Afrika bereik het, sodat sommige in die loop van ons taal se ontwikkeling op die een of ander stadium deur die gelykmakingsproses uitgeskakel is. Gestel die vorm met [ə] en dié met [ɛ] het wel in Vroeg-Afrikaans voorgekom, sou dit geensins verbaas as dié wisseling nog teen die helfte van die negentiende eeu die gelykmakingsproses oorleef het nie, onder andere omdat die vokale in 'n klankomgewing verskyn waar

---

23) Franck-Van Wijk: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal.

daar 'n geringe verskil tussen hulle is. Die behoefte aan gelykmaking sou dus nie so dwingend gewees het as byvoorbeeld by 'n [ɛ/ɔ]-wisseling nie.

Waar "emmers" slegs een keer voorkom, en wel by 'n skrywer wie se taalgebruik op een plek goeie en op 'n ander swak Nederlands bevat, is dit moeilik om te bepaal of die e aan foutiewe spelling gewyt moet word en of dit werklik 'n [ɛ] aandui.

Met die beskikbare materiaal kan daar net tot een slotsom geraak word, nl. dat die vokaalwisseling moontlik bestaan het.

Woorde waarin die vokaalwisseling in huidige Afrikaans voor m voorkom, bv. stem, gemmer, swem, timmer, nimmer, e.s.m., is ongelukkig nie in die bronne teëgekom nie. Slegs "instimmen" kom een keer voor, dog sonder die wisselvorm met e.

2. Wisseling voor die sykl' k [l].

krokodel	kroko l
	li.
13	2
wel	wil (pwerkwoord)
	(hul)
16	18
wel	wil (s.m.w.)
	(s.m.w.)
2	3
wel	wil (bw.)
7	0

---



gewellig	gewillig
2	5
dienswellig	dienswillig
5	3
welger-	wilger-
5	0
welde-	wilde
11	4
weledele	wiledele
46	2
Weltevreden	Wilttevreden
11	0
Wellem	Willem
18	5
stel	stil (b.nw., bw.)
3	5
Helberg	Hilberg
3	1
Nel	Nil
45	1

(a)  $\frac{\text{krokodel}}{13} \substack{24) \\ 24)} / \frac{\text{krokodil}}{2} \substack{25) \\ 25)}$

Dié woord kom slegs in pleknaamverbindings voor en wel saam met "rivier", met uisondering van twee verbindingswaarde waarvan "heuwel" die tweede lid is. <sup>26)</sup>

In die e-woord word die intervokaliëse k sewe keer verdubbel en die o in die tweede lettergreep 8 keer

- 
- 24) 5 van die 13 dateer uit 1851 - '53.  
25) 1 dateer uit 1852.  
26) Om klaarblyklike redes word dit nie onder eienaam behandel nie.

deur e vervang. Laasgenoemde staan in 'n lettergreep met swak klem en dien om die verdouwing van [ɔ] tot [ə] aan te dui. Die verdubbeling van k dien blykbaar om aan te toon dat die vokaal in die eerste lettergreep [ɔ] en nie [o] is nie. Die skriftelike vorm van die woord openbaar dus dat dit "foneties gespel" is. Word dit verder in aanmerking geneem dat die woord 13 uit die 15 keer met e in die laaste lettergreep gespel word, blyk dit onomstootlik dat die [ɛ] -uitspraak vry algemeen in swang was.

In verband met die i-spelling moet daarop gewys word dat albei gevalle (Krokodil- en Crocodil-) gebruik word deur skrywers wat 'n grondige kennis van die Nederlandse skryftaal openbaar. Bloot op grond hiervan wil 'n mens dit betwyfel of die [ə] -uitspraak toentertyd ooit voorgekom het in die Transvaal. Die uitspraak is egter kenmerkend Nederlands; ook is dit die algemeen beskaafde in huidige Afrikaans.<sup>27)</sup> Dat dié uitspraak minstens baie swak verteenwoordig was en tot ('n) klein of geïsoleerde gebied(e) of taallae beperk was, moet duidelik wees.

(b) Wisseling tussen [v] en [l].

(i) wel / wil (hulpwerkwoord)

16 18

Die getal kere wat die hulpwerkwoord met e naas dié met i verskyn, bewys reeds oortuigend dat

---

27) Die A.B. uitspraak kon maklik deur letteruitspraak ontstaan het of veld gewen het. Dit kon ook gebeur het dat niemand of baie min van die destydse pioniers uit 'n [ə]-gebied van die Kaapkolonie gekom het, sodat die [ə]-uitspraak eers later uit die Suid hierheen gekom het of deur letteruitspraak hier ingesypel het. Ook is dit moontlik dat die min-

[ɛ] en[ə] mekaar hierin afgewissel het. Twyfel hieroor word verder opgehef as gelet word op die eenvoudige en kort vorm van die woord: die moontlikheid dat òf die e òf die i deurgaans aan foutiewe spelling toegeskryf kan word, blyk uitgeslote te wees. Die enigste afdoende verklaring vir die gebruik van twee verskillende letters ter aanduiding van die vokaalgedeelte van die woord moet in 'n uitspraakverskil geleë wees.

Bevestiging van hierdie bevinding vind ons ook in die bepaalde vorme waarmee wel/wil verskyn. Die vorme met e is die volgende: wel (4), weld (2), welt(2), welde (1), wellen (7); dié met i: wil (5), wild(1), wilde (3), willen (5), wilt (2) en wille (1).

Die behoud van fleksie-uitgange in 25 gevalle teenoor 9 uitganglose gevalle bewys dat die skrywers in die beoefening van die skryftaal so na moontlik aan Nederlands wou bly, al slaag hulle net ten dele daarin. Dat daar ten opsigte van die verskillende uitgange soms gefouteer word, is verstaanbaar, want na gelang van persoon, getal, wyse en vorm het die uitgange in mindere of meerdere mate verskil (in Nederlands). En foutiewe uitgangsuffixe hoof (hier) nie noodwendig spellingflaters te wees nie ; veel eerder is die verklaring daarvoor geleë in 'n gebrek aan kennis van die onderskeie uitgangsuffixe. In teenstelling met die verskil wat die uitgangsuffixe openbaar, is die wortel of stam van 'n woord (in hierdie geval wel/wil) relatief konstant, behalwe vir soverre dit stamklinkerwisseling <sup>28)</sup> kan openbaar.

-----  
derheidsgroep wat die[ə]-uitspraak destyds gebesig het, superieures was en ten gevolge van hulle invloed dié uitspraak groter lewensvatbaarheid kon gegee het. 'n Taalgeografiese ondersoek in hierdie verband behoort insiggewend te wees.

28) Met klinkerwisseling word hier bedoel wisseling in die klinker van die infinitief - nie ablaut nie.

Waar dit nou blyk dat die skrywers hulle ten doel stel om "korrekte" Nederlands te skryf, selfs 'n poging aanwend om die Nederlandse werkwoorduitgange te handhaaf en in 'n mate ook daarin slaag, en waar daar in die bepaalde teksgedeeltes (sinne waarin wel / wil funksioneer) woorde soos "schadeloos, protectie, menschen" ens. korrek gespel word, is dit ondenkbaar dat nou juis die vokaal in die woordkern, die stam, verkeerd gespel sou word. Selfs "wellen" (7), "willen" (5) en "wille" (2) word deurgaans met verdubbeling van l geskryf.

"  
Histories beskou, is die wisseling van [ɛ] en [ə] in die hulpwerkwoord wel / wil (in Afrikaans) niks nuuts in die Dietse taalgroep nie. In Middelnederlands, meer bepaald in Brabants-Limburgs, het die wisseling reeds voorgekom. "Im Brab.-Limb. treten in Ind. und Konj. neben den Formen mit i solche mit e auf." Naas die vorme met e en i het ook voorgekom "wijllen" en "welen" in Middelnederlands - wat 'n aanduiding gee van hoe onvas die stamvokaal in die stamland was.

Besmerklik het hierdie toestand ten opsigte van die vokaalwisseling voortgeduur tot in die sewentende eeu, veral in die rykgeskakeerde volkstaal van die sewentende eeu, sodat die vorm met i sowel as dié met e deur die vroeë kontingente landsverhuisers meegebring kon gewees het na die Kaap toe. Die feit dat die vorm met i histories in Nederlands die produktiefste is, trouens dit tans ook nog is, en in huidige Afrikaans die heersende is, maak dit aanneemlik dat dié vorm in die

---

29) J. Franck: Mittelniederländische Grammatik, par. 166.  
30) J. Verdam: Middelnederlandsch Handwoordenboek: onder "willen".

sewentiende eeu aan die Kaap bekend kon gewees het. Onder die Afrikaanse stamouers van Nederlandse herkoms was daar onder andere 'n Brabants-Frankiese en Limburgs-Frankiese taalgroep,<sup>31)</sup> sodat die betrokke vokaalwisseling langs hierdie weg Vroeg-Afrikaans kon binnegekom het.

Hoe moet dit verklaar word dat dié wisseling in Afrikaans voortduur tot in die middel van die negentiende eeu? Dit kon gebeur het dat die gelykmakingsproses t.o.v. [ɛ] en [ə] nog aan die gang was, d.w.s. nog nie ten volle voltrek was nie, toe die eerste uitbreiding na gebiede buite "die bakermat van Afrikaans"<sup>32)</sup> begin plaasvind het. "Die sprekers het langamerhand uitmekaar uit getrek sodat sommige van die oorspronklike wisselvorme die proses van uitskakeling oorlewe het."<sup>33)</sup>

(ii)	wel	/	wil (s.nw.)
	2		3
	gewellig	/	gewillig
	2		5
	dienswellig	/	dienswillig
	5		3
	wel	/	wil (bywoord)
	7		0
	Weltevreden	/	Wilttevreden
	11		0

Van die naamwoord wel / wil is daar weliswaar net vyf gevalle opgeteken. As die neiging tot wisseling van [ɛ] en [ə] in presies dieselfde klankstruktuur

31) S.P.E. Boshoff: Volk en Taal van Suid-Afrika, bl.13,14

32) "Bakermat" geografies ruimer opgevat as deur G.R. von Wielligh in "Ons Geselstaal", bl. 125. Met bakermat word bedoel dié gebied wat deur die vroeë nedersetters aan die Kaap en omgewing bewoon is tot op die stadium toe die uitskakelingsproses t.o.v. die wessenskenmerke van Afrikaans voltooi was.

33) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling, bl. 87, par.2.

by die hulpwerkwoord in aanmerking geneem word, is dit aanneemlik dat die verskil in spelling by die s.nw. ook op die bepaalde vokaalverskil slaan.

Wat ten opsigte van die s.nw. opgemerk is, geld ook van gewellig / gewillig.

dienswellig / dienswillig

5

3

Hierdie verbinding word sonder uitsondering aangetref in stereotipe briefslotte, bv. "UE. dinswellige onderdaan", ens. Die spelling van gedeeltes waarin die i-vorm verskyn, staan baie nader aan die tradisionele Nederlandse as dié van die gedeeltes waarin die e-vorme voorkom. Die spelling in laasgenoemde is baie meer "foneties" as dié in eersgenoemde. Vergelyk byvoorbeeld die volgende: " u dinst welligt dinnaar" waarin die letter i dien om'n [i] aan te dui. Heel waarskynlik was die [ɛ] -wisselvorme in verhouding tot die [ə] -wisselvorme dus meer verbreid as wat deur die getalsverhouding 5/3 te kenne gegee word.

Selfs al word daar ruimte gelaat vir spelfoute by die e-vorme, sal dit nie bewys kan word dat die [ɛ] -wisselvorm nie voorgekom het nie.<sup>34)</sup>

Die bywoord "wel" is slegs met e opgeteken. Die afwesigheid van die wisselvorm met [ə] - versigtiger gestel: die heerskappy van die [ɛ] -vorm moet in 'n mate, minstens, verklaar word deur die sterk nadruk wat

---

34) Vergelyk ook wat onder "Kultuurwoorde" (D) in verband met hierdie wisselvorme opgemerk is.

in die sinsverband gewoonlik op hierdie woordjie rus, ten gevolge waarvan die neiging om die [ɛ] te verswak tot [ə], indien nie opgehef nie, dan wel baie verminder of beperk word. 35)

In aansluiting hierby word daarop gewys dat "wel-", waar dit as eerste lid van verbindingsge optree, bv. in plekname soos Weltevreden, Welgedacht, Welgevonden, en in Welvaart, sonder i-wisselvorm voorkom. In al hierdie verbindingsge rus die hoofklem op "wel-".

(iii) weledele / wiledele  
46 2

Waar "wel" as eerste lid van die formele skryftaalsamekoppeling "weledele / wiledele" verskyn, d.w.s. in 'n situasie waarin die hoofklem nie op "wel" rus nie, maar op die eerste lettergreep van die tweede lid, is die wisselvorm met i twee keer opgeteken. Gedagtig daaraan dat die vorm met e 46 keer voorkom, is die versoeking groot om die twee i-vorme aan foutiewe spelling te wyf. Word dit egter in berekening gebring dat hierdie samekoppeling 'n uiters formele woord is wat slegs deur geskooldes in die skryftaal gebruik sou gewees het en dat die verskuiwing van die klem tot verdowwing van [ɛ] aanleiding kon gegee het, lyk dit nie so onwaarskynlik dat die letter i hier die neutrale [ə] verteenwoordig nie.

(iv) welger- / wilger  
5 0

---

35) Histories was [ɛ] nog altyd die stamvokaal van hierdie bywoord. As [ə] sou voorgekom het, kon dit dus slegs uit [ɛ] ontstaan het. By ander wisselvorme is dit dikwels onbepaalbaar welke vokaal die oudste is (in Nederlands en in Afrikaans).

Van "welger" is daar, eienaardig, nie 'n wisselvorm met i teëgekome nie. Tog is die [ə] -vorm die oorheersende in Middelnederlands, <sup>36)</sup> A.B. Nederlands <sup>37)</sup> en Afrikaans. <sup>38)</sup> (In eersgenoemde word naas stamvokaal [ə] ook [i] en [œ] aangetref.) Dit lyk dus onwaarskynlik dat die [ə] -wisselvorm in die bepaalde periode in die Transvaalse spraakgemeenskap nie in gebruik sou gewees het nie. Weliswaar kon die [ə] -vorm die Transvaal na 1850 binnegedring het uit die Suide en die [ɛ] -vorm hier geheel of gedeeltelik verdring het, maar dan moet ons (n) besonder sterk [ə] -haard(e) êrens in die Suide veronderstel en verder ook aanvaar dat die vroegste intrekkers in die Transvaal nie uit hierdie gebied(e) gekome het nie. 'n Wetenskaplik gefundeerde slotsom in hier voege stuit teen 'n gebrek aan genoegsame materiaal en 'n volledige Afrikaanse taalAtlas.

Al is daar nie i-vorme opgeteken nie, het die vyf e-vorme tog waarde vir hierdie ondersoek. Die bestaan van die [ɛ] -vorme beklemtoon die neiging wat daar bestaan het - al het dié neiging nie noodwendig in Suid-Afrika of in die Transvaal bestaan nie - om [ə] in hierdie besondere klankverband af te wissel met of te verskuif tot [ɛ] .

(v)    welde- / wilde-

11                   4

In welde- / wilde- (as eerste lid van samekoppeling, bv. weldebees) rus die hoofklem nie op die eerste

- 
- 36) J. Verdam: Middelnederlandsch Handwoordenboek: onder "wilge". Naas lg. verskyn ook willige, willege, wielge, wulge, willich.
- 37) Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal: onder wilg, wilgen, wilgenas, wilgestam.
- 38) T.H. le Roux en P. de V. Pienaar: Uitspraakwoordeboek van Afrikaans: onder wilg.



lettergreep nie, maar wel op die eerste lettergreep van die tweede lid van die verbinding - vanweë die stygende aksent.<sup>39)</sup> Hierdie verbindings word egter betrek omrede dit aantoon hoe intensief die betrokke vokaalwisseling tussen [v] en [l] opgetree het.

(vi) Wellem / Willem  
18 5

Ten slotte word verwys na die wisseling van [ɛ] en [ə] in die eienaam Wellem / Willem wat onder "Eiename" ( B 5 (c) ) bespreek word.

(c) stel (-) / stil (-)<sup>40)</sup>  
3 5

Die sinne waarin stel (2) en stelheid (1) voorkom, bevat korrek geskrewe woorde soos "waarom, gebleven, werkzaam," e.s.m. Die verklaring vir die e blyk dus [ɛ] -uitspraak te wees.

Word in aanmerking geneem dat die i-spelling die tradisionele is, kon die [ɛ] -uitspraak in hierdie woord selfs meer voorgekom het as die [ə] -uitspraak.

(d) Helberg / Hilberg  
3 1  
Nel Nil  
45 1

Hierdie twee vanne is reeds onder "Eiename" (B4 )

---

39) C.G.N. de Vooy: Nederlandse Spraakkunst, bl. 177: "Het eenheidsaccent valt in de regel op het adjektief als dit de onverbogen vorm heeft; daarentegen op het substantief, bij een verbogen adjektief, b.v. ....jònkheer naast jongheér..."  
T.H. le Roux en P. de V. Pienaar: Uitspraakwoordeboek van Afrikaans : onder "Wildebees" word verstrekk [vələbe:s] .

bespreek en word hier geplaas net ter wille van 'n volledige oorsig van die vokaalwisseling voor die syklank.

Geoordeel na die verbreiding van die twee vokale in die gegewe materiaal, blyk dit dat daar 'n sterker neiging was om hulle tussen [v̄] en [l] af te wissel as tussen ander konsonante, bv. d, h, n, en l.

3. Wisseling voor eksplosiewe [p,t,d,k].

(a) Voor[r].

41)	42)
klep-	klip-
13	13

"Klep" kom uitsluitlik in verbindings-voor, en wel as eerste lid, bv. Klep bank, Kleprivier; in dieselfde posisie en verband verskyn ook "Klip" 12 uit die 13 keer, en 1 keer in die meervoudsvorm "klippe".

In Nederlands beteken hierdie woord, as stof-aanduidende naam, "rots"<sup>43)</sup>. In plaas van die Afrikaanse "klip" gebruik die Nederlander "steen". Hieruit kan afgelei word dat die woord in die betrokke periode baie selde, indien ooit, deur die pioniers op skrif teëgekomm is. Wel sou dit 'n hoë gebruiksfrekwensie gehad het, maar dan in die spreektaal.

- 
- 40) stel(-)/stil(-): met uitsondering van die afgeleide s.nw. "stelheid" wat een keer voorkom, tree die woord deurgaans as bywoord op, met die betekenis "rustig, sonder beweging, swygende..."
- 41) Die moontlikheid dat die woord "klep" (= sluitstuk) hier as eerste lid van die verbindings-optree, kan buite rekening gelaat word. Ten eerste leen die betekenis van die woord hom nie daartoe nie; dan is dit ook te betwyfel of daar 'n pleknaam, met "klep" as eerste lid, in Afrikaans bestaan. Andersyds bestaan daar talle plekname, veral plaasname, met "klip" as eerste lid. In die onderhawige verbindings-voor en i dus nie woordonderskeidend teenoor mekaar nie.
- 42) 11 van die "klep"-groep is samegestelde plekname; ook 5 van die "klip"-groep. Vir die betrokke peri-

Die woordjie is kort en die spelling daarom eenvoudig.

Die woord "klep" (= sluitstuk) kon onmoontlik onbekend gewees het. Ten spyte hiervan kom "klep" (= klip) herhaaldelik voor.

Waar klep en klip mekaar in hierdie omstandigheid om die beurt afwissel, kan daar geen twyfel bestaan oor die wisseling van [ɛ] en [ə] nie.

Phileppus / Philippus (2/3) en "subskripsie/subskripsie" (1/1) is onderskeidelik onder "Eiename" (B 3) en "Kultuurwoorde ( D )" bespreek.

Selfs al sou die vokaalwisseling hom in laasgenoemde twee woorde voorgedoen het, blyk dit tog dat die wisseling nie op groot skaal voor p opgetree het nie.

(b) Voor [t].

(i) (-) wet (-) <sup>44)</sup> / (-) wit (-)  
12 7

In pleknaamverbindings, bv. Wetpoort, Wetvanteyn, Wetkoppie, en in "de Wet hoek, de Wetkop" kom "wet" 12 keer voor. Met i kom voor Witkoppie (2); origens verskyn "wit" slegs in woordgroepe soos "wit menschen, wit boom", ens. (5). Dit is dus duidelik dat die e-vorm meesal voorkom in situasies waar dit die hoofklem het, nl. in verbindings. In die woordgroep, d.w.s. waar die klem nog nie na wet / wit verskuif het nie, en

---

ode was hulle egter jong eiename; ook is klep/klip 'n tipiese volkswoord; daarom word hulle nie onder eiename bespreek nie.

43) Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal : onder "klip".

44) "wet" is hier 'n kleuraanduidende b.n.w.; dit beteken nêrens Eng. "law" nie, en waar dit in pleknaamverbin-

wet/wit nog as individuele, selfstandige woord optree, is die i-vorme oorheersend. Dit skyn dus dat die sprekers die neutrale [ə] gehandhaaf het waar "wit" individuele klem gehad het, d.w.s. in gewone sintaktiese verband verskyn het en dus sonder hoofklem, dog die [ə] verskuif het tot die voller [ɛ] as die hoofklem op die betrokke woord(-deel) gerus het. Die moontlikheid van korrelasie tussen verandering van gewone klem tot hoofklem en versterking<sup>45)</sup> van die vokaal in die betrokke lettergreep blyk nie uitgeslote te wees nie.

Die eenvoudige, kort woordjie, "wit", as kleur-aanduidende woord, moet immers in die omgang goed bekend en veelvuldig gebruik gewees het. Wie "Wetkoppie" met twee p's spel, sou nie maklik fouteer met die spelling van "wit" nie. Die sprekers sou dié woord baie minder op skrif as in die spraak teëgekrom en gebruik het. Derhalwe kan dit aangeneem word dat die spellingkonvensie in die opgetekende gevalle 'n geringe rol gespeel het. Dat die letters e en i hier saamhang met uitspraakwissel-vorme, is dus uiters waarskynlik.

(ii)    verwettig   /   onwettige

3

2

Verwettig verskyn uitsluitlik met e; onwettig slegs met i. Dit versterk die indruk dat [ɛ] en [ə] tussen [v] en [t] met mekaar afgewissel het.

---

45)    dings voorkom soos "de Wet Kop" verteenwoordig dit nie die "van" "De Wet" nie.  
"Versterking" in die betekenis "die teenoorgestelde van 'verswakking' of 'verdowwing' van 'n vokaal tot [ə] ." In M.G., bl. 33, opm. 2 lees ons in hierdie verband: "Besonder opmerklik is 'n neiging, wat in sekere mate as die teenoorgestelde van die algemene kan aangesien word, om, veral by vreemde woorde, die vokaal in die newsillabe te laat oorgaan tot a : matael naas metaal.." "Algemene" slaan hier op verdowwing van klinkers in newsillabes tot [ə] .

(iii)	(-)	set	/	(-)	sit	46)
		9			4	
		setting			sitting	47)
		9			58	
		verset(ting)			versit(ting)	48)
		5			0	

Waar (-) set in plaas van (-) sit gebruik word, bestaan daar nêrens die moontlikheid dat dit met "set", in die sin van "diamante ens. set", verwar kan word nie, m.a.w. in die betrokke taalsituasies is dit nêrens noodsaaklik dat[ə]die e.g. woord van die tweede moet afgrens nie. Daar bestaan dus nie 'n faktor wat die [ɛ/ ə] -wisseling hier in die weg staan nie; gevolglik is die omstandigheid gunstig vir die betrokke vokaalwisseling.

Die moontlikheid dat die e in "-set" aan foutiewe spelling toegeskryf kan word, is minimaal vanweë die ongekompliseerde vorm van die woord. Waar die woord as 'n infinitief voorkom, word dit vier keer "zetten" geskryf - 1 keer "setten". Waarom sou die spelling nou juis net t.o.v. die stamvokaal gefaal het en nie t.o.v. die res van die woord nie? Onsekerheid en verwarring oor die uitspraak van eersgenoemde blyk die aangewese verklaring te wees vir die verskyning van e naas i in die ortografie.

"Set" is een keer opgeteken in die sinsdeel "werk voort te setten", m.a.w. in ooreenstemming met die Nederlandse vorm van die woord (in hierdie verband).

- 
- 46) set/sit "plaas, dien, vergader.." Funkzioneer ock as afstandscompositum, bv. oor...sit, op...sit. Nêrens het dit die betekenis van "set" in "letter set" nie.
- 47) setting/sitting = sitting, bv. van 'n raad.
- 48) Versetting /versitting = verskuiwing, bv. van 'n dorpsbuurt, wegtrek van die een plek na 'n ander.

In hedendaagse A.B. Afrikaans tref ons "voortsit" naas "voortsetting" (met [ɛ] -uitspraak) aan. Weliswaar bewys lg. wisseling nie dat die betrokke vokaalwisseling in die onderhawige periode bestaan het nie, maar die feit dat dié wisseling in Afrikaans nog voortleef, maak dit soveel aanneemliker dat daar in 'n vroeër periode in die ontwikkeling van Afrikaans verwarring in hierdie verband kon geheers het.

In die afleiding "setting / sitting" oorheers die vorm met i weer. Die veel groter frekwensie van i moet egter in 'n mate toegeskryf word aan die feit dat die betrokke woord hoofsaaklik in notules voorkom : die notule-maker of sekretaris uit hierdie periode openbaar oor die algemeen 'n redelike mate van kennis van Nederlands. Dientengevolge is dit moontlik dat "sitting" op meer as een plek wel met i geskryf word ondanks die uitspraak van die skrywer 'n [ɛ] besit het. Die oorheersing van e deur i in die spelling is moontlik ook daaraan toe te skryf dat die [ə] -uitspraak vir dié periode meer "beskaaf" was as dié met [ɛ] .

Verset(ing) kom uitsluitlik met 'n e voor. Dit getuig ten gunste van die bestaan van [ɛ] tussen s en t in hierdie verband.

Gesamentlik openbaar die gegewens dus dat daar t.o.v. die uitspraak van die vokaal in (-)set(-)/(-)sit(-) verwarring geheers het.

-----

(iii)	met	/	mit
	218		21
	mets		mits
	10		4

Bloot op die syfers afgaande blyk dit dat "mit" in vergelyking met "met" so selde voorkom dat dit nie eintlik verdere bespreking regverdig nie. Bowendien is hierdie voorsetsel in die sinsverband gewoonlik onbetoond, sodat dit in die bestek van hierdie ondersoek eintlik as 'n grensgeval beskou moet word.

Terloops kan die aandag daarop gevestig word dat die getalsoorwig van "met" in 'n mate daaraan toegeskryf moet word dat dit die tradisionele spelwyse is. As die invloed van die tradisionele skrifbeeld nie as faktor bestaan het nie, sou "mit" moontlik baie meer op skrif voorgekom het - ten koste van met.

Die produktiwiteit van die "e" in die ortografie bewys dat die [ɛ] -uitspraak wel bestaan het; andersyds is dit lig te begrype dat die [ɛ] in onbetoonde posisies dikwels deur die neutrale vokaal vervang sou gewees het.

Anders is dit gesteld met "mets / mits" : in die sinsverband rus daar relatief deurgaans baie meer klem op hierdie voegwoord as op die voorsetsel "met / mit". Terwyl laasgenoemde in elke taalsfeer voorkom en besonder produktief is, is die gebruiksfrekwensie van die voegwoord gering en sy gebruiksveld beperk, hoofsaaklik tot die meer geleerde en formele sfere; dit kom ook in

-----

vaste uitdrukkings voor, bv. "mets dese"<sup>49)</sup> en is in 'n groter mate 'n skryftaal - as 'n spreektaalwoord

Na aanleiding van die mate van klem wat daar op hierdie woord rus, sou die veskyning van [ɛ] naas [ə] nie vreemd aandoen nie. En waar hierdie woord hoofsaaklik 'n skryftaalwoord is, lyk dit onwaarskynlik dat die e-spelling 'n blote foutiewe spelwyse kan wees, veral waar die woord in formele uitdrukkinge voorkom. Hierbenewens kom die e-vorm meer as twee keer so veel voor as die vorm met i. Dat die [ɛ] -uitspraak wel bestaan het, staan bo alle twyfel.

Waar die voegwoord selde gebruik is en die voorsetsel "met" buitengewoon veelvoorkomend was, kon die [ɛ] -uitspraak van laasgenoemde verantwoordelik gewees het vir die "mets"-vorm van die voegwoord, aangesien die twee woorde, met uitsondering van die slotfrikatief van die een, uit dieselfde klankkombinasie saamgestel is.

Daar bestaan derhalwe meer rede om aan te neem dat [mets] wel voorgekom het as wat daar is om te aanvaar dat [mɛts] voorgekom het, dog dit sou onwetenskaplik wees om aan te neem dat die [ə] -uitspraak nooit voorgekom het nie, aangesien besliste bewysplaas hiervoor nie bestaan nie.

(iv) led / lid  
4 26

Met e kom die volgende vorme voor: let (2), leth en led. Die skrywers wat die slot-t gebruik,

---

49) TR. I, bl. 197 en 203.



vervang ook die d van "raad" met t (in dieselfde sin-  
snede). Deur hierdie aanduiding van die stemlose eks-  
plosief in "het" en "raat" blyk dit dat die e nie toe-  
vallig in plaas van die i gebruik word nie.

"Lid" word 20 keer as simpleks aangetref, 1  
keer as eerste lid van die verbinding "lidmaat" en 5  
keer as tweede lid van die samestelling "raadslid". In  
laasgenoemde is "lid" swak betoond, en is dit opmerklik  
dat e nie in hierdie posisie voorkom nie. Van die 21  
gevalle wat "lid" as 'n betoonde lettergreep voorkom,  
word slegs twee met slot-t gespel. Wie die i in die  
spelling gebesig het, se spelling kan dus nie al te veel  
deur die uitspraak beïnvloed gewees het nie.

Die syfers dui aan dat die [e]-uitspraak oor-  
heersend was. Die [ɛ]-uitspraak was waarskynlik  
beter verteenwoordig as wat van die syfers afgelei kan  
word. Die 4 keer wat dit voorkom, moet dus as 'n mi-  
nimum beskou word, aangesien die konserwatisme van die  
spelling klaarblyklik 'n remmende invloed uitgeoefen het  
op die vorm wat die woord in die ortografie gekry het.

(v) Wisseling in eiename.

Brets	/	Brits
3		9
Bretse	/	Britse
3		4
Kretzinger	/	Kritzinger
1		1

---

Smet	/	Smit
34		46
(-)Maretz	/	(-)Maritz
11		5

Word hierdie eiename gevoeg by die volkswoorde waarin die wisseling voor t optree, blyk dit dat [ɛ] en [ə] mekaar in hierdie posisie op ruim skaal afgewissel het en dat die wisseling ook betreklik verbreid was.

(c) Voor [d] .

meddel	/	middel
8		5

Beide vorme funksioneer as b.nw. (de mettelste dref) en as s.nw. (daar een middel voor te beraame).

Wat opvallend is, is dat 6 van die 8 e-woorde b.nwe. is (of in adjektiefverhouding tot die res van die samekoppeling staan). Hierteenoer verskyn die i 4 uit die 5 keer in s.nwe. en 1 keer in die samestellende afleiding "middellandsche" (zee) waarvan die eerste lid in adjektiefverhouding tot die res staan. Aan die spelling van laasgenoemde kan duidelik gesien word dat die skrywer vertrouwd was met die skriftelike vorm van dié woord. Besmoontlik is die verklaring vir die gebruik van i i.p.v. e, die teenoorgestelde van wat in die ander adjektiewe aangetref word, hierin geleë.

Hoewel die gegewens karig is, wil dit tog voorkom dat die byvoeglike naamwoord voorkeur aan die [ɛ] gee, terwyl die [ə] by die s.nw. oorweeg. Wat ook

-----

deurskemer, is dat die vokaalwisseling voor [d] beperk is in vergelyking met die wisseling voor [n, l, t] ens.

(d) Voor [k].

distrek	/	distrik
50)		
12		12
ek		ik
9		363

(i) distrek / distrik.

Die vokaal onder bespreking is dié in die tweede lettergreep, d.w.s. die betoonde. Die anglisistiese klemverskuiwing kom wel in die taalgebruik van sommige hedendaagse Afrikaners voor. Weens die geringe invloed van Engels op Afrikaans in die eerste helfte van die negentiende eeu is dit onwaarskynlik dat die klem destyds ooit na die eerste sillabe verskuif is.

Om die klankwaarde van die betrokke vokale te bepaal, is dit nodig om rekening te hou met die vorme waarin distrek / distrik voorkom.

Vorme met e.

distrek (2)

-

-

disstrek (1)

diestrek (1)

destrek (7)

desstrekten (1)

Vorme met i.

distrik (2)

distrikt (2)

district (5)

disstrict (2)

-

destrik (1)

-

---

50) TR. II lewer 3 gevalle met e op wat nie by hierdie 12 inbegrepe is nie, nl. destrek (2) en destreck (1).

Met slot -t : moontlik 1. 1.	Met slot -t : 9.
Sonder slot -t: minstens 11.	Sonder slot -t: 3.
Met e: 0.	Met c: 7.

Van die e- en i-vorme, gesamentlik, verskyn 14 sonder die kenmerkend Nederlandse slot -t, wat aantoon dat apokopee van die t toentertyd reeds op groot skaal plaasgevind het in "distrek / distrik"; trouens as dit in aanmerking geneem word dat die neiging om Nederlands te skryf selfs by diegene wat met die pen maar bra ongeskoold was, sterk was ten gevolge van die gebrek aan 'n Afrikaanse skryftradisie, dui die grootskaalse agterafkapping van die t daarop dat distrek / distrik vry algemeen sonder slot -t voorgekom het in die spraak - die 9 (of 10) vorme met t ten spyte, want laasgenoemde moet in 'n groot mate toegeskryf word aan die neiging om Nederlands as die skryftaal te gebruik.

Dit is betekenisvol dat die apokopee van die slot -t op groter skaal by die e-vorme voorkom as by dié met i. Slegs die meervoudsvorm, "desstrekten", bevat dit t - wat nie beteken dat die gebruiker van dié vorm die t noodwendig in die enkelvoudsvorm ook gebesig het nie, hoewel die Nederlandse meervouds -en ten gunste daarvan getuig. Die afwesigheid van t in die e-vorme bewys dat die betrokke skrywers nie juis vertrouwd was met die Nederlandse skriftelike vorm van die woord nie. Die stukke waaruit destrek / distrik opgeteken is, is amptelike stukke: notules, amptelike dokumente en briewe aan staatskantore. Daar bestaan dus rede om aan te neem

-----

dat die skrywers van hierdie stukke so "korrek" moontlik sou probeer skryf hê. Die vorm met e moet dus vir hulle die "korrekte" vorm gewees het. En waar elders kon hulle hierdie vorm vandaan gekry het as uit die spreektaal van hul gemeenskap?

Hiermee is "distrek, disstrek" en "diestrek" afgehandel; ook die ander e-vorme in 'n mate, dog vanweë die e in die eerste sillabe in "destrek" en "desstrekten" verdien hierdie twee vorme verdere bespreking. In verskeie posisies word die neutrale vokaal in die Nederlandse spelling deur 'n e aangedui in onbetoonde lettergrepe. Dit kon aanleiding gegee het tot die gebruik van e in die eerste sillabe van "destrek" en "destrekten". Hierdie "de-" (i.p.v. di-) kon moontlik ook ontstaan het n.a.v. die Nederlandse lidwoord. "de" wat in sy geskrewe vorm onder die destydse Afrikaners seker goed bekend was ten gevolge van sy herhaaldelike verskyning in die Bybel e.s.m. As 'n skrywer 'n [ə] in die eerste sillabe eers aangedui het met e, kon hy dit in die tweede ook gedoen het, sodat die e in laasgenoemde lettergreep moontlik 'n [ə] kon verteenwoordig het. (Dit is opvallend dat die vokaal in die eerste sillabe by die i-woorde slegs één keer deur e aangedui word.) 'n Belangrike faktor wat hierdie interpretasie van die klankwaarde van die tweede e teengaan, is die feit dat laasgenoemde in 'n betoonde lettergreep staan. Ook moet daar rekening gehou word met die moontlikheid dat die destydse uitspraak van "destrek" 'n tipe [ɛ̃] in die

-----

eerste sillabe kon laat hoor het wat organies tussen [ɛ] en die neutrale vokaal gelê het, en wat vir die ongeoeffende oor na [ɛ] geklink het.

Die vorme waarin die i-gevalle verskyn, bewys dat die skrywers enersyds kennis van die Nederlandse spelwyse besit het, andersyds 'n gebrek daaraan openbaar het. Eersgenoemde blyk daaruit dat die slot -t 9 uit die 12 keer voorkom, en c i.p.v. k 7 uit die 12 keer. Daarteenoor word die slot -t 3 keer weggelaat, c 5 keer deur k vervang; verdubbeling van s vind twee keer plaas en e in die eerste lettergreep kom een keer voor.

In hoeverre dui die i in die betoonde lettergreep nou op [ə] -uitspraak? In die vorm "distrik" en "destrek" het ons klaarblyklik 'n uitspraak met [ə], aangesien die gebruikers van dié twee vorme deur hulle spelwyse 'n duidelike gebrek aan kennis van die Nederlandse spelling "district" openbaar. Oor die kwaliteit van die i in die ander vorme waarin daar 'n slot -t of -ct voorkom, bestaan 'n mate van twyfel. Die korrekte Nederlandse spelling laat ontstaan die vraag of die skrywers nie miskien die tradisionele spelling gehandhaaf het ondanks uitspraak met [ɛ] nie. Beslis is dié moontlikheid nie uitgeslote nie, maar of dit wel die geval was, kan nie ten volle beantwoord word nie. Al bestaan daar andersyds geen ander bewyse vir die [ɛ]-waarde van die i as net dié letter in hierdie Nederlanse vorme nie, bly die moontlikheid tog groot dat sommige van hulle met [ə] uitgespreek kon gewees het, omdat minstens 3 ge-

-----

valle (distrik (2), destrik (1)) met dié uitspraak voorkom.

(ii) ek / ik  
9 363

Hier het ons een van die tal kleiner woordjies wat in normale sinsverband gewoonlik onbetoond is en ten gevolge hiervan in die spraak dikwels klities gebruik word. Wie noukeurig na Afrikaanssprekendes luister, sal uitinge soos die volgende dikwels waarneem:

[ as-ək jou fat...; hət-ək ma:r... ]

Die klitiese gebruik van ek / ik is so oud soos Middelnederlands. "Dis 'n algemene taalverskynsel....wat nog lewendig is in Afrikaans....", merk T.H. le Roux i.v.m. klisis op. "Die verbinding van die pro- of enklitiese woordjies met die hoofwoord is so eng dat die samestelling aan die gewone klankwette vir assimilasië, ....(en) verswakking....gehoorsaam waaraan onsamegestelde woorde onderhewig is...."<sup>51)</sup>

In die versamelde stof is "ik" nêrens "klities geskryf" nie, d.w.s. vorme soos "ikweet, noemik" ens. word nie aangetref nie. Die klemverbreiding in die versamelde sinne en sinsnedes toon egter dat "ik" dikwels swak klem dra; derhalwe kan dit aangeneem word dat "ik" in die spraak in dié situasies klities gebruik sou gewees het en hom klankwettig soos 'n onbetoonde lettergreep sou gedra het. Hierin lê blykbaar een van die verklarings vir die veelvuldige voorkoms

-----  
51) M.G., bl. 39, par. 71.

van die swak vorm op skrif. In baie gevalle het die [ə] in die spraak seker selfs weggeval.

Origens mag dit ook nie uit die oog verloor word nie dat ons hier met 'n uiters kort en, wat die spelling aangaan, eenvoudige woordjie te doen het. Al sou die pioniers selde of ooit Nederlands gelees het, sou hulle hierdie woordjie in sy geskrewe ik-vorm dikwels in die Bybel teëgekome en dus goed geken het. Gevolglik sou 'n skrywer geneig gewees het om "ik" te skrywe ten spyte daarvan dat hy "ek" in die omgang gebruik en dikwels gehoor het. Hier dink 'n mens veral aan dié situasies waarin "ik" moontlik met 'n redelike mate van klem uitgespreek kon gewees het, bv.

"Ik spoede mij naar huis." (TR. I, bl. 369)  
52)

"Ik kies de Raat.." (TR. I, bl. 362)

"..ik is tegen de generaal..." (TR. I, bl. 362)

Dit sou dus foutief wees om na aanleiding van die 363 ik-gevalle aan te neem dat die uitspraak met [ə] dié met [ɛ] gans en al, en oral, oorheers het. Die 9 keer wat "ek" voorkom, lewer dus 'n sterk getuienis ten gunste van die bestaan van die [ɛ] -uitspraak. Die [ɛ] -uitspraak moet destyds redelik goed verteenwoordig gewees het, anders sou dit die sterk weerstand van die tradisionele spelwysc nie te bowe kon gekom het nie.

---

52) Bedoel word "bo die Kommandant as opperste gesagvoerder."



4. Wisseling voor die frikatiewe [x,f,s] .

(a) Voor [x] .

(i)	(-) reg (-) / (-) rig )-
reg	rig(-) (s.nw.)
0	2
reg	rig (b.nw.)
0	1
reg	rig (ww.)
4	2
bereg	berig (s.nw.)
3	2
bereg	berig (ww.)
7	2
geregtig	gerigtig
0	1
verreg	verrig
3	2
verregting(2)	verrigting(e)
8	3
-----	-----
25	15

Op die oog af lyk dit of die vokaalwisseling in die meeste van hierdie woorde voorgekom het. Wat jou tref, is dat in Nederlands sommige van hierdie woorde in die ortografie sowel as in die spraak 'n i[ə] besit tussen r en g, bv. rig, berig (s.nw. en ww.), verrig en verrigtinge; die ander, nl.reg (s.nw. en b.nw.) en geregtig 'n e[ɛ]. In die ortografie sowel

-----

as in die spraak kon die i-woorde dus maklik aanleiding gegee het tot die gebruik van i [ə] in woorde wat met e [ɛ] gespel en uitgespreek word; omgekeerd kon die e [ɛ]-woorde tot 'n soortgelyke verwarring gelei het.

Die syfers dui aan dat e meer dikwels voorkom as i in woorde waarin i aan die tradisionele spelling beantwoord; omgekeerd kom i meer voor as e in woorde waarin e die tradisionele spelling is. Word dit nou in aanmerking geneem dat bostaande gegewens verkry is uit stukke waarvan die skrywers weinig kennis van Nederlands openbaar, blyk dit dat die nie-tradisionele uitspraak taamlik produktief was in die taalgebruik van dié pioniers wie se kennis van Nederlands beperk was. Dit is te verwag dat diegene wat redelik vertrouwd was met Nederlands - weliswaar 'n minderheidsgroep - die tradisionele uitspraak sou geken en gehandhaaf het. Dat daar in die uitspraak van bogenoemde groep woorde t.o.v. [ə] en [ɛ] verwarring geheers het, lei geen twyfel nie.

(ii) seg / sig (wederkerende v.nw.)  
6            10

Met e verskyn die woord soos volg: seg (3), zeg (3); met i : sig (3), zig (4), zich (2), zigt (1).

Die spelling bewys dat diegene wat die e-vorm gebruik het, die Nederlandse spelling van die woord nie

-----

geken het nie. Die "z" in "zeg" is die enigste oorgeblewe teken van die Nederlandse spelling. In dié omstandigheid kan die spelling met "e" moontlik 'n "fonetiese spelwyse" wees <sup>53)</sup> "foneties" in dié sin dat die "skrywers" hierdie "boekwoord" (wat tog nie tot die omgangstaal sou behoort het nie) probeer skryf het soos wat hulle gereken het dat dit uitgespreek behoort te word. Moontlik is die verklaring van die e daarin geleë dat die "skrywers" dikwels nie geweet het hoe om die [ə] te skrywe nie, veral daar die [ə] so dikwels in onbetoonde lettergrepe deur e voorgestel word.

Die i-ekwivalente openbaar byna net so 'n algemene gebrek aan kennis van die Nederlandse geskrewe vorm van die woord - die twee keer wat "zich" voorkom uitgesonderd. Die i-groep openbaar dus ook duidelik dat die meeste skrywers die woorde "foneties" gaan spel het, d.w.s. soos hulle die woord uitgespreek het wanneer hulle dit in die Bybel hardop lees.

Die spelling van die e- sowel as die i-woorde lewer 'n aanduiding dat die woord soms met [ɛ] , soms met [ə] uitgespreek (gelees) is. Dat ons hier met 'n kunstmatige geval te doen het, behoort duidelik te wees.

(iii)	pleg	/	plig
	1		3
	verpleg	/	verplig
	6		26
	plegtige	/	pligtige
	0		2

---

53) Schoonseg (plaasnaam) is ook opgeteken. Die spelling van die eerste lid van hierdie verbinding bewys dat die skrywer gesteld is op die juiste Nederlandse spelling; die tweede lid (i.p.v. zicht) moet 'n ingeburgerde uitspraak weergee. Dit

Aan die spelvorme in die sinnetjie ".ik agt het myn pleg.." merk 'n mens dat die skrywer Nederlands probeer skryf het, dog dat hy ook 'n gebrek aan kennis van Nederlands openbaar. Eersgenoemde blyk uit vorme soos "ik, het, myn," en laasgenoemde uit "agt" i.p.v. "acht" en die verlies van slot -t in "pleg". Die "g" in "agt" en die weglating van die slot -t in "pleg" bewys dat die skrywer volgens uitspraak gespel het waar sy kennis van Nederlands hom in die steek gelaat het. Dit moet dus aangeneem word dat die e in "pleg" 'n [ɛ] verteenwoordig.

Met i kom voor "pligten, pligt" en "plig". Op grond van hierdie spelvorme, veral dié van "plig", wat sonder die slot -t geskryf word, en dus 'n verafrikaanste vorm verteenwoordig, aanvaar ons dat die uitspraak met [ə] ook bestaan het.

Laasgenoemde gevolgtrekking word bevestig deur die 26 keer wat "verplig" aangetref word. Andersyds kom "verpleg" 6 keer voor en getuig dit weer ten gunste van die bestaan van [ɛ] naas [ə]. Die feit dat "verplig" 5 keer uit die 26 keer met slot -t aangetref word, dui aan dat die skrywers redelik vertrouwd was met die Nederlandse spelling van die woord, sodat verskeie van hulle besmoontlik die uitspraak met [ɛ] gebesig het. Ook die vorm met "e" kom slegs 1 keer sonder slot -t voor, wat bewys dat die [ɛ] -uitspraak hom, ondanks die neiging om die Nederlandse spelling te behou, tog in die skrif-

-----

spreek ten gunste van die bestaan van [ɛ] in hierdie klankkombinasie.

beeld laat geld het.

'n Verdere bewys van die onvastheid van [ɛ / ə] in hierdie klankkombinasie word gevind in die attributief gebruikte "pligtige" (eed, verzekering) i.p.v. "plegtige". Dat i in die eerste sillabe die klankwaarde [ə] besit, is onbetwisbaar.

Ten spyte van alles wat in hierdie groep ten gunste van die vokaalwisseling spreek, is daar tog 'n faktor wat 'n mate van twyfel oor die bestaan van die wisseling wek. Skrywers wat 'n redelike mate van kennis van die Nederlandse spellingvorme van hierdie woorde openbaar, gaan vervang die i deur e ! Het ons hier nie eerder met 'n wisseling van letters as met 'n klankwisseling te maak nie? Dit is tog moontlik dat daar twyfel bestaan het oor die ortografiese weergawe van [ə] - selfs in betoonde lettergrepe. Vergelyk bv. 'n vorm soos "verplegteng" - wat een keer voorkom. Die e in die voor- en agtervoegsel stel hier 'n [ə] voor. Dit lyk logies dat die oningewyde geen beswaar sou kon gehad het om [ə] in die tweede lettergreep met dieselfde letter voor te stel nie.

Hiermee word die moontlikheid van die vokaalwisseling nie uitgeskakel nie, maar word die wisseling minder waarskynlik.

(b) Voor [f].

(-) dref / (-) drif

15

20

---

"Dref" kom 3 keer as simpleks voor; "drif" 5 keer. "Dref" verskyn 12 keer in samestellinge teenoor die 15 keer van "drif", d.w.s. in die verhouding 4:5, en onderskeidelik soos volg:

<u>Met e.</u>		<u>Met i.</u>	
Wagendref	(3)	Wagendrif	(8)
Vlakdref	(1)	Klepdrif	(1)
Har-, Ri-, Renoster-		Bufvels drif	(1)
dref	(3)		
Modderdref	(1)	Lagers Drif	(1)
Bufvels dref	(1)	Renosterdrif	(1)
Stroomdref	(1)	Commissie drift	(2)
Comande dref	(1)	Deurdrif	(1)
Soutpansdreft	(1)		

Hoewel verskeie van hierdie plekname nie aanmekaar geskryf is nie, is almal sonder twyfel verbindings, met die eerste lid van die samestelling deurgaans in adjektiefverhouding tot dref / drif. Tussen die betoonde lettergreep van die eerste lid van hierdie samestellings en die tweede lid, nl. dref / drif, heers daar vandag dikwels (meestal?) dalende klem. Uitspraak met stygende klem kom sonder twyfel ook voor.

Die klemaspek word hier te berde gebring vanweë die bepaalde opset van hierdie ondersoek. Hoewel dref / drif in die gegewe verbindings soms byklem, soms hoofklem het, word dit tog in die bespreking betrek,

-----

veral daar dit blyke van die betrokke vokaalwisseling openbaar.

Die aandag word daarop gevestig dat dref / drif in hierdie verbindings 15 keer los van die eerste lid geskryf word : dref 8 keer en drif 7 keer. Hierdie skryfwyse dui daarop dat die skrywer dref / drif nog as individuele, selfstandige woord aangevoel het; en as gevolg hiervan kon dref / drif toentertyd 'n meer betoende uitspraak besit het as wat diegene , wat hierdie verbindings met dalende klem uitspreek, vandag daaraan sou wil toesê, ook vanweë die adjektiefverhouding tussen die eerste en die tweede lid van die verbinding. Dat die leksikografiese betekenis van dref / drif destyds al verdof sou gewees het vanweë sy verbinding met 'n ander woord om 'n samestelling te vorm, lyk onwaarskynlik: die verband waarin die verbindings voorkom, bewys dit. Met uitsondering van drie samestellings, nl. Soutpansdref, Commissiedrif en Deurdrif, kom al die orige verbindings voor as plekname in die "Register van Aantekening van Plase behorende onder Andries Ohrigstad." Die driewe in Andries Ohrigstad is deur die Volksraad van laasgenoemde gebruik as gerieflike bakens om die grense van die verskillende plase mee aan te dui. Vergelyk die beskrywing by plaas nr. 48 (TR. I, bl. 185). Benewens presiserings soos "de bovenste dref" (t.a.p., bl. 180), "de mettelste dref" (bl. 185), "aan die oversy van de drif" (bl. 175), "de twede drif" (bl. 187) het

-----

baie driuwe - waarvan daar blykbaar volop was - heel gou name gekry, name wat bestaan het uit samestellings waarvan die laaste lid telkens dref / drif was. Vanhier die oortuiging dat die feitelike betekenis van dref / drif in hierdie pleknaamverbindingse nog helder was. (Dat die etimologiese betekenis van dref / drif in genoemde pleknaamsamestellings wat vandag nog in Andries Ohrigstad voortlewe, deur die enger geworde eenheidsbetekenis van die plekname geheel of gedeeltelik verswelg is, is heeltemal waarskynlik.) Dref / drif het as onderdeel van genoemde verbindingse dus nie so 'n ondergeskikte plek beklee as wat dit vandag dikwels in ou pleknaamverbindingse beklee nie. Bowendien het dit in verbindingse tog nie enige grammatiese funksieverskuiwing ondergaan nie, maar as substantief bly voortleef, met die eerste lid van die verbinding in adjektiefverhouding daarteenoor.

Dat dref / drif toentertyd in genoemde verbindingse 'n groot mate van sy individuele klem gehad het, blyk dus hoogs waarskynlik te wees, en behoort gevolglik binne die bestek van hierdie ondersoek nie misplaas te wees nie.

Dref / drif is uitsluitlik as plekaanduidende woord opgeteken - hetsy in verbindingse of as simpleks - met een van die volgende betekeniswaardes, veral die eerste:

- i. 'n Vlak of deurwaadbare plek in 'n rivier
-



of loop waar 'n pad deurgaan of waar diere deurgedryf word.

ii. Sloot of rivier.

Die woordjie dref / drif is net so (of byna net so ) nou verweef met die geskiedenis en bestaan van die Afrikaner, veral in die eerste twee en 'n half-eeu na die volksplanting, as die woorde "ossewa, ploeg" ens. In dié periode was daar weinig , en in die meeste gebiede geen, padbrûe ; wel driewe wat in die reënseisoen onbegaanbaar was; waar die waens dikwels "bly staan" het. Die Trekkers het hoofsaaklik uit veedistrikte gekom - en waar kry jy 'n veeboer in ons land wat die woord "drif" ( = deurgaanplek vir vee) nie ken nie. Dat die Transvalerpionier in die jare 1845 - 50 die woord goed geken en dikwels sou gebruik het, val dus nie te betwyfel nie. Getuienis hiervan is ook die 35 opgetekende gevalle.

Beslis het ons hier 'n volkswoord - nie 'n kultuurwoord wat dikwels op skrif teëgekomp is nie; dit het hoofsaaklik in die volksmond voortgeleef; dit is deur die oor en nie deur die oog waargeneem nie. Wie dit in sy skriftelike vorm teëgekomp het, sou dit hoofsaaklik in die vorm "drift" leer ken het.

Omdat die woord na vorm so ongekompliseerd is, lyk dit uiters onwaarskynlik dat iemand in die skrifbeeld die i deur 'n e sou vervang as hy die woord

-----

met [ə] uitgespreek het, en omgekeerd. Die "Register van Aantekening van Plase behorende onder Andries Ohrigstad" waarin die meeste van die versamelde gevalle voorkom, is deur 'n staatsamptenaar, landdros J.H. Grobler, opgestel.<sup>54)</sup> Dergelike amptenare het gewoonlik 'n redelike goeie kennis van die Nederlandse skryftaal gehad. Tog kom "dref" 13 en "drif" 16 keer by landdros Grobler voor. (Elders kom die twee vorme respektieflik 2 en 4 keer voor). J.H. Grobler het hierdie "Register..." na aanleiding van bepaalde geskrewe dokumente opgestel, wat meebring dat ons oorweging moet skenk aan die vraag of die wisseling dref / drif nie in dié dokumente verskyn het nie, en dat landdros Grobler by die samestelling van die "Register..." hom stip aan die oorspronklike spelling kon gehou het. By gebrek aan die oorspronklike dokumente moet 'n bewese uitsluitel hieroor agterweë bly. Dit lyk egter nie of die landdros rede gehad het om hom aan so 'n wisseling te hou nie, aangesien dit tog geen naamonderskeidende waarde gehad het nie.

Die wisseling e / i in die resp. verhouding 13 : 16 in die stuk van Grobler en 2 : 4 elders lewer afdoende bewys dat [ɛ] en [ə] mekaar redelik reëlmatig afgewissel het in die uitspraak van dref / drif.

(c) Voor [s].

gester	/	gister
2		4

---

54) TR. I, bl. 167, 181.

Met e kom voor gester en gesteren ; met i  
55)  
slegs gisteren.

Die spelling met slot -en (5 uit die 6 keer) bewys dat die betrokke skrywers gesteld was op die Nederlands wat hulle geïnsig het. Ten spyte van die behoud van die slot -en in "gesteren" word die stamvokaal tog aangedui deur "e" i.p.v. "i". Sou dit weens die regressiewe invloed van die twee e's in die volgende swakbetoonde lettergrepe geskied het? Dit lyk onwaarskynlik dat 'n skrywer wat in die spelling die onbeduidende slot -en handhaaf (en Nederlands redelik korrek skryf), so 'n flater t.o.v. die vokaal in die belangrikste lettergreep sou begaan. Waar die woord in sy verafrikaans-te gedaante, d.w.s. met verlies van slot -en, voorkom, daar word dit ook met e geskryf. Dit toon dat die uitspraak met [ɛ] in die spreektaal bestaan het.

Sover die geskiedenis van "gisteren" in Nederlands bekend is, d.w.s. tot in Middelnederlands, kom dit nêrens met e voor nie. "Opvallend is 't ontbreken van e-vormen",<sup>56)</sup> maar in ohd. is dit "gësteron, gësteren"; in nhd. "gestern". Dit is nie onmoontlik nie dat daar onder invloed van Duits in vroeëre jare 'n [ɛ] in gister kon voorgekom het nie. Die [ɛ] hoef sy ontstaan natuurlik nie noodwendig net in invloed van Duits te hê nie; die taalwysigende krag van analogie kon ook tot so 'n wisseling aanleiding gegee het. Die invloed van dialektiese Nederlands is nog 'n faktor waarmee rekening

---

55) Die vorm "gesteren" kom voor in 'n stuk wat toon dat die skrywer Nederlands redelik goed geken het. Vgl. V.A., bl. 249. Dieselfde geld van 3 uit die 4 keer wat "gisteren" voorkom. Vgl. V.A., bl. 263, 273.

56) Franck-van Wijk: Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal, bl. 201.

gehou moet word. Die W.N.T. maak daar egter geen melding van nie.

Die bestaan van die uitspraak met [•] kan nouliks betwyfel word: sedert Middelnederlands is dit die uitspraak in Nederlands en tans die geldende in Afrikaans.

Ten slotte word verwys na die wisselvorme Chrestiaan naas Christiaan in die verhouding 2/5 wat onder "Eiename" ( B 3 ) behandel word.

-----

F. SAMEVATTENDE OORSIG VAN BEVINDINGE VAN DIE

VOKAALWISSELING.

1. Woorde waarin die wisseling verskyn.

Na beredenering van die woorde waarin e en i in die ortografie voorkom, bestudering van die taalsituasies waarin die betrokke woord gevind word en met inagneming an alle faktore wat moontlik lig kan werp op die kwaliteit van die vokaal wat onderskeidelik deur die letter e en i in die betrokke woorde voorgestel word, word met 'n billike mate van oortuiging bevind dat [ɛ] en [ə] mekaar met verskillende grade van intensiteit in die volgende gevalle afgewissel het:

(a) Eiename.

Brets	/	Brits (die van)	2 / 9
Brets	/	Brits (Eng. "British")	3/4
Chrestiaan	/	Christiaan	2 / 5
Engels	/	Ingels	24 / 6
Engelbrecht	/	Ingelbrecht	11 / 2
Helberg	/	Hilberg	3 / 1
Hendrik	/	Hindrik	16 / 1
Henning	/	Hinning	1 / 1
Kretzinger	/	Kritzinger	1 / 1
Lendeque	/	Lindeque	7 / 4
Merwe, van der	/	Mirwe, van der	34 / 1
Menaar	/	Minnaar	11 / 29

---

Nel	/	Nil	45 / 1
Phileppus	/	Philippus	2 / 3
Prensloo	/	Prinsloo	46 / 50
Prens	/	Prins	2 / 0
Rensburg (van)	/	Rinsburg (van)	63 / 8
Smet	/	Smit	34 / 46
Venter	/	Vinter	52 / 3
Wellem	/	Willem	18 / 5
(Pieter)maretzburg	/	(Pieter)maritzburg	11/5
Wenburg	/	Winburg	9 / 22

(b) Maandname.

April	/	April	50 / 9
-------	---	-------	--------

(c) Volkswoorde.

(i) Waarin wisseling voor nasale plaas-  
vind:

Voor [n].

(-) hender (-)	/	(-) hinder (-)	6 / 4
herenner	/	herinner	13 / 3
kend	/	kind	5 / 16
men	/	min (onbepaalde v.nw.)	5 / 6
men (-)	/	min (-) (onbepaalde telw.)	6 / 8
vermending	/	vermindering	2 / 1

---

send (en)	/	sind (en)	4 / 2
twentig	/	twintig	3 / 9
(-) vend	/	(-)vind (ww.)	24 / 42
wen	/	win	3 / 5
(Wenburg	/	Winburg	9 / 22 ) <sup>1)</sup>
en	/	in (voegwoord)	4 / 78
en	/	in (voorsetsel)	151 / -
enbreuk	/	inbreuk	1 / 0
engesetene	/	ingesetene	3 / 10
enkom	/	inkom	2 / 4
enlaat	/	inlaat	1 / 0
enlê	/	inlê	1 / 0
enlewer	/	inlewer	1 / 2
enlig	/	inlig	1 / 1
enloop	/	inloop	26 / 2
ensien	/	insien	1 / 0
ensweer	/	insweer	1 / 2
enwoon	/	inwoon	3 / 1

Voor [ŋ].

brengh (-)	/	bring (-)	7 / 3
(-)denk(-)	/	(-)dink(-)	17 / 10
deng	/	ding	1 / 3
lenker(-)	/	linker (-)	4 / 1
streng(-)	/	string (-)	2 / 3

Voor [m].

emmers	/	immers	1 / 2
--------	---	--------	-------

---

1) Verskyn ook onder "Eiename".

(ii) Waar die wisseling voor die syklank [l] plaasvind:

krokodēl	/	krokodil	13 / 2
wel	/	wil (hulpww.)	16 / 18
wel	/	wil (s.nw.)	2 / 3
wel	/	wil (bw.)	7 / 0
gewellig	/	gewillig	2 / 5
dienswellig	/	dienswillig	5 / 3
welger	/	wilger	5 / 0
welde -	/	wilde-	11 / 4
weledele	/	wiledele	46 / 2
(Weltevreden	/	Wilttevreden	11 / 0) <sup>2)</sup>
stel	/	stil	3 / 5

(iii) Waar in die wisseling voor eksplosiewe plaasvind:

Voor [p].

klep	/	klip	13 / 13
------	---	------	---------

Voor [t].

wet	/	wit (b.nw.)	12 / 7
verwettig	/	verwittig	3 / 0
onwettig	/	onwittig	0 / 2
set	/	sit	9 / 4
setting	/	sitting	9 / 28
verset(ting)	/	versit(ting)	5 / 0
met	/	mit	218 / 21

---

2) Wel 'n eienaam, maar vanweë klankomgewing waarin wisseling moontlik voorkom, hier geplaas.



mets	/	mits	10 / 4
led	/	lid	4 / 26

Voor [d] .

meddel	/	middel	8 / 5
--------	---	--------	-------

Voor [k] .

distrek	/	distrik	15 / 12
ek	/	ik	9 / 363

(iv) Waarin die wisseling voor frikatiewe plaas-  
vind:

Voor [x] .

reg	/	rig (s.nw.)	0 / 2
reg	/	rig (b.nw.)	0 / 1
reg	/	rig (ww.)	4 / 2
berereg	/	berig (s.nw.)	3 / 2
berereg	/	berig (ww.)	7 / 2
geregtig	/	gerigtig	0 / 1
verreg	/	verrig	3 / 2
verregting	/	verrigting	8 / 3
seg	/	sig (wederkeren-	
		de v.nw.)	6 / 10
pleg	/	plig	1 / 3
verpleg	/	verplig	6 / 26
plagtige	/	pligtige	0 / 2

Voor [ f ] .

dref / drif 15 / 20

Voor [ s ] .

gester / gister 2 / 4

(d) Kultuurwoorde. 3)

assistent	/	assistint	1 / 1
dokument	/	dokumint	1 / 1
subskrepsie	/	subskripsie	1 / 1
tender	/	tinder	1 / 1

2. Verbreiding van vokaalwisseling.

(a) Eiename.

Die eienaamlys F 1 (a) openbaar dat die vokaalwisseling in 15 Afrikaanse vanne en drie name werksaam was.<sup>4)</sup> Met uitsondering miskien, van Helberg is al hierdie vanne en name kenmerkend Afrikaans. Met 'n redelike mate van sekerheid kan dit ook aangeneem word dat hierdie groep eiename in die betrokke periode goed

- 
- 3) Dit val dikwels moeilik te bepaal of 'n woord tot die groep "Kultuurwoorde" of "volkswoorde" gereken moet word, o.a. omdat ons hier gegewens uit 'n vervloëe tydperk hanteer; gevolglik kom daar grensgevalle soos "ingesetene, senden, mits" ens. voor wat onder "volkswoorde" geplaas word, maar besmoontlik ook vir die betrokke periode as kultuurwoorde gegeld het. Gevalle soos "weledele" en "dienswillig" hoort beter tuis by kultuurwoorde, maar sluit andersyds so mooi aan by volkswoorde soos "wel, welger" e.s.m. dat hulle eerder daar geplaas word.
- 4) Maritz, die tweede lid van die pleknaamsamestelling Pietermaritzburg, word by die 19 vanne ingesluit. Wenburg word hier buite rekening gelaat: die samestelling was destyds nog te jonk en kom onder volkswoorde beter tereg.

bekend moet gewees het. Dit word trouens bevestig deur die frekwensie van sommige vanne in die geraadpleegde bronne: vergelyk byvoorbeeld Minnaar (11 / 29), Prinsloo (46 / 50), Smit (34 / 46), ens. Party is wel nie so dikwels opgeteken nie, bv. Kritzinger (1/1), Lendeque (7/4) e.a., maar dit beteken nie dat hulle by die destydse Transvalerpioniers onbekend was nie.

Behalwe in vanne en name kom die wisseling ook in "Brits" (Eng. British) en "Engels" voor. Die statistiek bewys dat ook hierdie twee woorde, veral laasgenoemde, goed bekend was en 'n groot gebruiksfrekwensie gehad het, nie net in die skryftaal nie, maar ook in die gewone omgang.

Vanweë die frekwensie van "Brits" en "Engels" en vanweë die suiwere Afrikaansheid van die vanne en name, sluit hierdie groep eiename besonder nou aan by die volkswoorde waarin die wisseling hom ook voltrek het. Daar bestaan dus geen rede om selfs te vermoed nie dat hierdie groep woorde tot 'n bepaalde groep van die spraakgemeenskap beperk kon gewees het, bv. 'n intellektueel superieure groep. As 'n gedeelte van die Afrikaanse taalvoorraad kan die eiename dus bestempel word as eiegoed. En juis om hierdie rede is dit besonder betekenisvol dat ook hierdie groep woorde die vokaalwisseling nie vrygespring het nie - betekenisvol in dié sin dat dit bewys lewer dat die vokaalwisseling in geen opsig 'n geïsoleerde klankverskynsel in

-----

die spraak van die pioniers was nie: die wisseling was vry algemeen werksaam, was diepgaande, het deuring tot daardie taaltekens wat tot die mees persoonlike besit van 'n volk of spraakgemeenskap gereken kan word, nl. sy vanne en name.

(b) Maandname.

Wat so pas in F2(a) van eiename opgemerk is, het ook in 'n groot mate betrekking op die maandnaam April / April. In teenstelling met die eiename het net een maandnaam die vokaalwisseling ondergaan. Weliswaar kon die wisseling in hoogstens vier maandname opgetree het. Septimber (moontlik met [ə]-uitspraak) kom darem een keer voor, teenoor September (36), maar van die wisseling in November en Desember is daar in die ortografie nie 'n spoor te vind nie. Ten opsigte van Desember is die uitslag eintlik verrassend: taalgeografiese ondersoek het aan die lig gebring dat die toestand t.o.v. Desember tans vlottend is in die Transvaal in dié sin dat "Deetsember" in Noord-Transvaal en in die suidwestelike hoek van Transvaal die heersende uitspraak is, met "Deetsember" en "Desember" betreklik eweredig verbreid in die suide van die provinsie. Die vorm met [ə] kom blykbaar net op twee ver van mekaar geleë punte voor, nl. op die halveerpunt van die lyn wat Lydenburg met Pretoria verbind, en taamlik wes van Ermelo. Ook in Oos-Kaapland, die gebied waarvandaan die grootste persentasie Voortrekkers verhuis het, is

-----

die [ə]-uitspraak uiters skraal verbreid. 5) Tensy die [ə]-uitspraak 'n eeu of wat gelede produktiewer was as tans, en sedertdien uitgeskakel is, is die huidige verbreiding van die [ɛ/ə]-wisselvorme in ooreenstemming met die stand van sake voor die Groot Trek - trouens dit geld ook die ander wisselvorme, want "Deetsember" kom dikwels in die geraadpleegde bronne voor.

Waar April 'n eeu gelede baie meer verbreid was in die Transvaal as April, sou dit interessant wees om die huidige verbreiding met dié van die verlede te kon vergelyk, aangesien die [ɛ]-uitspraak sedertdien blykbaar heelwat veld verloor het; moontlik deurdad die skrifbeeld hom geen steun gebied het nie en letteruitspraak 'n opheffende rol kon gespeel het, veral daar hierdie maandnaam op skrif en in die spraak 'n besondere hoë frekwensie besit.

(c) Volkswoorde.

Word slegs seme in berekening gebring by die bepaling van die aantal volkswoorde waarin die vokaalwisseling hom voordoet, beloop die totaal 48; maar dan is morfe soos "en-" in die verbindings "enlewer, enswaar, enkom" ens. tot die simpleks herlei en dus nie afsonderlik bygereken nie. Daar 'n woord soms meer as een seem voorstel, bv. reg/rig, is die aantal woorde waarin die wisseling optree, minder as die aantal seme. Vind die berekening volgens die aantal afsonderlik opgetekende gevalle plaas, beloop die som 68.

---

5) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling:  
Bylae III, Kaart VI A en B.

Ongewag welke maatstaf gevolg word by die berekening van die aantal volkswoorde wat die wisseling ondergaan het, bly dit duidelik dat daar relatief meer eiename opgeteken is waarin die wisseling aangetref word as volkswoorde. "Relatief meer" omdat die blanke-bevolking van die Transvaal toentertyd gering in getal was, ten gevolge waarvan die aantal vanne (veral) en name beperk moet gewees het.

Dit sou nietemin kortsigtig wees om te veronderstel dat die vokaalwisseling in die volkswoorde beperk gewees het. Die aantal waarin die wisseling in die skriftelike bronne aangetref word, is reeds genoeg om aan te toon dat die neiging tot afwisseling van [ɛ] met [ə] in die volkstaal bo alle twyfel bestaan het. 'n Belangrike faktor wat hier nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die ondersoeker uitsluitlik op oorgelewerde skriftelike bronne aangewese is, sodat hy maar moet tevrede wees met wat hy daarin vind. Baie volkswoorde met 'n hoë frekwensie is alledaagse gebruiksgoedere, kom voor in intieme en gemeensame gesprekke, maar dring nooit of baie selde deur tot die gebied van die geskrewe woord. Woorde soos timmer, engel, kin, gemmer, swem, stingel, ens. is byvoorbeeld nie in die geraadpleegde bronne te vind nie - iets wat bloot 'n uitvloeisel is van die aard van die inhoud van die stukke wat in die bronne verskyn. Die presiese draagwydte van die vokaalwisseling en intensiteit waarmee dit opgetree het, kan dus nie absoluut volledig

-----

bepaal word nie. 'n Volledige beeld van die destydse stand van sake kan hiermee dus nie gerekonstrueer word nie.

Wat hier baie sterk beklemtoon wil word, is dat die vokaalwisseling nie net beperk kon gewees het tot dié woorde wat deur hierdie ondersoek opgelewer is nie. Die wisseling moet minstens in hierdie woorde opgetree het, d.w.s. die moontlikheid dat dit ook in verskeie ander volkswoorde voorgekom het, word nie as uitgeslote beskou nie; trouens die tendens tot afwisseling van [ɛ] met [ə] blyk só duidelik dat dit nie net as waarskynlik geag kan word nie, maar ook veronderstel kan word dat die wisseling baie meer woorde getref het as net dié wat vir hierdie ondersoek byeengebring is.

(d) Kultuurwoorde.

Die aantal kultuurwoorde waarin die wisseling aangetref word, is uiters karig, en die intensiteit waarmee hulle die wisseling ondergaan het, beslis gering.

Hierdie uitslag is dan ook hoegenaamd nie verrassend nie : die frekwensie van die kultuurwoorde is so gering dat hulle buite die brandpunt van die strominge wat in die volkstaal werksaam was, moet gelê het. Die feit dat 'n paar kultuurwoorde darem blyke van die wisseling openbaar, illustreer met welke intensiteitsgraad hierdie klanktendens destyds gewerk het.

---

(e) Wat die kategorieë oplewer:

Afdeling 1 (a), (b), (c) en (d) van hierdie hoofstuk toon dat die indeling in katagorieë en hulle onderafdelings nie veel oplewer nie. Die verbreiding van die wisseling is, relatief gesproke, eweredig: dit kom voor by verskeie soorte eiename; dit tref die volkswoord sowel as die kultuurwoord, al is dit nie met dieselfde graad van intensiteit nie; dit gee nie voorkeur aan bepaalde grammatiese kategorieë nie; dit is nie gebonde aan 'n bepaalde klankomgewing of -kombinasie nie. Wat wel deurskemer, is die neiging om effens meer dikwels voor [n, l, t] en [x] op te tree as voor [ŋ, m, p, d, k, f] en [s], maar voor eksplosiewe byvoorbeeld, verskyn dit nie veelvuldiger as voor frikatiewe nie; voor nasale nie veel meer as voor die lateraal nie. Die wisseling kom dus nie langs bepaalde lyne voor nie, maar deurkruis die taal in allerlei rigtings.

Die aangewese weg bly dus maar om die woorde waarin die wisseling voorkom, tog nog elkeen afsonderlik te betrag, aangesien hulle hulle individueel gedra: die een maandnaam, April/April, openbaar die wisseling; by September/Septimber is daar geringe spore van die wisseling; by Desember en November ontbreek dit gans en al. Die ww. "rig" kom hoofsaaklik met [ɛ] voor - die s.nw. "reg" slegs met [ə]; vergelyk "bereg" naas gerigtig, verpleg naas pligtige. Die bywoord "wel" was die heersende vorm; daarnaas het die twee vokale mekaar afgewissel in die hulpwerkwoord "wel/wil".

-----



(f) Die beeld wat die individuele woorde openbaar:

In die beredenering van die afsonderlike woorde is herhaaldelik daarop gewys dat die gevalle wat aansluit by die tradisionele spelling, in hierdie studie eintlik nie veel gewig dra nie. Om op grond van die versamelde woorde en die statistiek (verstrek onder 1 (a) tot (d) van hierdie hoofstuk) 'n volledige taalbeeld te kry van daardie tyd, is dit nodig om met hierdie feit rekening te hou. Weliswaar is daardie teksgedeeltes in die geraadpleegde bronne wat blykbaar die werk van skrywers is wat in Nederlands geskoold was, buite rekening gelaat. Hierdie prosedure kan egter nie die invloed van die tradisionele spelling geheel en al uitskakel nie: baie stof kom uit stukke waaruit blyk dat die skrywers 'n mate van kennis van Nederlands besit het, sodat hulle hulle by die spelling van party woorde deur die uitspraak laat lei het, by ander deur die tradisie - na gelang van hulle kennis van 'n bepaalde woord. Die invloed van die tradisionele spelling op baie gevalle is so groot dat 'n mens selfs geneig voel om al dié gevalle buite rekening te laat en jou slegs te bepaal by die woorde waarvan die vokaalaanduidende letter van die tradisionele afwyk. So 'n prosedure sou egter ook sy nadele hê.

Die individuele woorde openbaar dat die vokaalwisseling in die betrokke periode wel werkzaam was, maar dat die voorkoms van die wisseling destyds anders was as

-----

wat dit vandag is. Waar die norm vandag [ə] is, was dit toentertyd dikwels [ɛ], bv. Lendeque, Prensloo, Wellem, Maretz, Aprel, hender, herenner, enloop, breng, denk, lenker, dienswellig, welger, welde, wet (b.nw.), verwettig, meddel, distrek, bereg, ens. Woorde wat tans met [ɛ] uitgespreek word, is in daardie tyd dikwels met [ə] uitgespreek, bv. die voorsetsel "en", onwittig, ik, mit, rig (b.nw. en s.nw.), gerigtig, pligtige, assistint, dokumint, tinder, Ingels, Ingelbrecht, Hilberg, Hindrik, Hinning, Van Rinsburg, Vinter, sind (= stuur), win. Die neiging was egter groter om [ɛ] te gebruik waar die huidige norm [ə] is as die omgekeerde.

In die onderhawige periode was "krokodel" (met [ɛ] uitgespreek) die gangbare uitspraak in die Transvaal. Tot op hede het die [ɛ] hom in hierdie woord in die Transvaal gehandhaaf. Waar die [ə] -uitspraak in hierdie provinsie wel voorkom, moet dit hoofsaaklik aan nuwe intrekkers te wyte wees of aan diegene wat letteruitspraak beoefen. Skoolinvloed kan ook 'n geringe rol hierin gespeel het.

Die wisselvorme "Ingels/Engels" leef ook nog voort in die spraak van die huidige Transvalers; eweneens vorme soos "Menaar/Minnaar, Engelbrecht/Ingelbrecht, Lendeque/Lindeque, Prensloo/Prinsloo, hender/hinder. Weens gebrek aan die vereiste taalgeografiese gegewens

-----

is dit nie moontlik om op hierdie stadium 'n volledige vergelyking te tref tussen die vokaalwisseling soos dit in die onderhawige periode voorgekom het en sy huidige verbreiding in die Afrikaans van Transvalers nie.

Uit die gegewens blyk dit dus dat die toestand destyds in baie opsigte verskil het van dié van vandag; 'n mate van ooreenkoms word egter ook openbaar.

Waar die toestand die afgelope eeu heelwat verander het, ontstaan die vraag: waaraan moet dit toegeskryf word? Hierdie vraag dring hom op as gevolg van die bevindinge van hierdie studie, maar moet oorge- laat word vir 'n aparte ondersoek, aangesien dit nie bin- ne die bestek van hierdie ondersoek lê nie.

-----

G. DIE VOKAALWISSELING IN DIE LIG VAN DIE ONTSTAANS-  
EN ONTWIKKELINGSGESKIEDENIS VAN AFRIKAANS.

Op hierdie stadium is dit seker nie onvanpas om kortliks vas te stel of die bevonde vokaalwisseling inskakel in die ontwikkelingsgeskiedenis van ons moedertaal; of dit nie miskien 'n geïsoleerde eilandverskynsel vorm nie en of dit enigsins in verband gebring kan word met die teenswoordige taalgeografiese aansig van die Transvaal.

Die vraag kan wel gestel word: as die vokaalwisseling toentertyd in die Transvaal voorgekom het, wat het sedertdien daarvan geword? Die enigste bevredigende en volledige antwoord hierop sal slegs in die uitslag van 'n deeglike taalgeografiese ondersoek gevind kan word; slegs deur so 'n ondersoek sal bepaal kan word of die wisseling nog optree, waar (geografies) en in watter woorde dit werkzaam is, en met welke graad van intensiteit. Tog is dit waar dat selfs die ongeskoolde waarnemer verskeie gevalle waarin die wisseling nog voortleef, sal kan ophaal, met byvoeging selfs dat dit in hierdie of daardie familiële of sosiale taalkring of streek gehoor word. Dink maar net aan bekende wisselvorme soos ken/kin, gemmer/gimmer, vent/vint, Prensloo/Prinsloo, Menne/Minne, krokodel/krokodil, engel/ingel.

Baie bestaande [ɛ/ə]-wisselvorme kom hoofsaaklik by ouer mense voor, maar die wisseling is beslis nie

-----

tot hulle beperk nie. Die algemeen beskaafde uitspraak "krokodil", byvoorbeeld, is goed gevestig op die Hoëveld. Desondanks is die[ɛ]-wisselvorm nog so lewenskragtig dat dit selfs in die taal van kinders veelvuldig gehoor word.<sup>1)</sup>

Wisselvorme soos ken-, kin-, kinnebaard word in die spraak van Transvalers in verskillende ouderdomsgroepe aangetref.

Ten spyte van kunsmatige gelykmakingsfaktore soos die geskrewe woord, die kultuurtaal, die radio, die skool ens. en die natuurlike uitskakelingsneiging wat in elke spraakgemeenskap aangetref word, leef daar tog nog honderdjaarooe wisselvorme teen wil en dank voort. Hoeveel en waar oral kan nog nie met sekerheid gesê word nie.

Al die bestaande [ɛ/ə] -wisselvorme hoef natuurlik nie noodwendig 'n direkte voortsetting te wees van die wisselvorme wat in die jare 1845 - '50 in die Transvaal bestaan het nie. Verskeie ou wisselvorme kan sedertdien uitgeskakel wees, dog na dié uitskakeling weer lewensvatbaar geword het. Weens insypeling uit die voedingsgebiede in die suide.

Verskeie ou wisselvorme bestaan seker glad nie meer nie of handhaaf hulle nog net in afgeslote gebiede. Waar hulle verdwyn het, sal dit saamhang met allerlei omstandighede wat gelykmaking in die hand gewerk het, bv. sentralisasie in die onderwys, bevolkingsopeenhoping in nyerheidsgebiede, intensiewe verkeer e.s.m.

---

1) In 'n laerskool sowat tien myl oos van Springs is die volgende erbaar: Met proefonderwys gee 'n student 'n sg. "spreekles" met behulp van prente voor kindertuinleerlinge. Die prent word vertoon en dan moet die kinders sê wat hulle sien. Die krokodilprent word vir hulle gewys - en in 'n koor antwoord die groepie " [krɔk dɛl] "! Net een dogtertjie gee haar

Andersyds kon die toestroming van die bevolking uit die kerngebied en ander gebiede na die Transvaal toe, veral sedert die ontdekking van goud en met die ontstaan van ander industrieë, meegebring het dat wisselvorme wat nie vroeër hier bestaan het nie, die Transvaal ingedra is, sodat die toestand t.o.v. [e/a] -wisseling tans meer vlottend kan wees as wat dit 'n eeu gelede was.

Die verbreiding van die Afrikaanssprekende bevolkingselement na die Groot Trek is so onstabiel dat daaruit veelvuldige moontlikhede kon voortgespruit het vir soverre dit die ontwikkeling van Afrikaans aangaan. Hier kon dit gelykmaking in die hand gewerk het; daar tot verbrokkeling en differensiasie gelei het.

Die vlottende toestand wat in die Transvaal heers, wortel in baie opsigte in faktore wat betreklik onlangs in werking getree het en tans nog invloed op die taalontwikkeling uitoefen; andersyds is die verklaring daarvoor terug te voer tot strominge wat in die sewentiende eeu en daarna op die groei van Afrikaans invloed uitgeoefen het.

Maar Afrikaans het dan reeds sy beslag in die eerste vyftig tot honderd jaar na die volksplanting gekry, "voordat die boere in groot getalle oor die berge getrek het." Is die voorkoms van wisselvorme in die Transvaal in die middel van die vorige eeu hiermee versoenbaar? In verband met die ontstaan van Afrikaans

-----  
misnoë te kenne met "Juffrou, hulle het alweer vergeet; dis 'krokodil"! Die res is merkbaar verleë: 'n paar dae van tevore het die (permanente) juffrou die [a] -uitspraak dan juis ingedril.

merk Kloeke op: "Waarschijnlijk had zich dit Kaaps of Oer-Afrikaans reeds min of meer gevormd vóór de komst der Fransen.....de geringe dialektische schareringen van het Afrikaans....vormt voor de taalgeograaf een aanwijzing, dat het Kaaps reeds in hoofdzaak zijn Afrikaanse gestalte hād aangenomen binnen de grenzen van het kleine gebied, dat tot 1700 was gekoloniseerd.....

"Het....Afrikaans kon niet later , als 't ware by toeval, zijn uniform karakter over de gehele uitgestrektheid van zijn gebied hebben gekregen.

"Liever dan een langsame verkleuring van die de diaspora in, 'Kaapse' rigting te geloven, ga men ervan uit, dat het Kaaps met huid en haar naar de diaspora is <sup>2)</sup> overgeplant." Dit is nie toevallig nie dat Kloeke sê: "...zijn Afrikaanse gestalte...in hoofdzaak .... hād aangenomen", d.w.s. ten opsigte van sy wesenskenmerke. "As ons Afrikaans geografies bestudeer, val dit op dat die verskeidenheid wat daar op te merk is, nie die wesenskenmerke van die taal raak nie. Wat hierdie kenmerke betref, moet ons dus aanneem dat Afrikaans reeds eenvormigheid vertoon het toe daar ten opsigte van ander kenmerke nog geen eenvormigheid bereik was nie. Die sprekers het langamerhand uitmekaar uit getrek sodat sommige van die oorspronklike wisselvorpe die proses van uitskakeling <sup>3)</sup> oorlewe het."

Die ware omvang van "de geringe dialektische

---

- 2) G.G. Kloeke: Herkomst en Groei van het Afrikaans, bl. 340 - 341.  
3) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling, bl. 87.

schakeringen" is nog lank nie 'n uitgemaakte saak nie; dit moet nog bepaal word. Eers dan sal dit bekend wees welke mate van uniformiteit Afrikaans presies besit. Selfs van die oppervlak af beskou, is daar soveel streekverskille dat die "uniformiteit van Afrikaans" nogal 'n rekbare begrip kan wees. Die beperkte taalgeografiese ondersoek wat tot dusver onderneem is, bewys reeds dat Afrikaans t.o.v. sy nie-wesenskenmerke 'n mate van differensiasie openbaar wat wyer in omvang is as wat algemeen begryp word. Die geringe dialektiese skakeringe moet dus nie as al te gering beskou word nie.

Kloeke se voorstelling dat "kaaps" "met huid en haar" na die "taalkundig vacuum" oorgeplant is, is vir my 'n rapsie uit die kol uit. Vir soverre dit betrekking het op die wesenskenmerke van Afrikaans, is dit aanvaarbaar, maar aangaande die res - dié het in 'n groot mate 'n eiesoortige ontwikkeling buite die kerngebied gehad. Die uitbreiding na die buitelandse distrikte van die begin van die agtiende eeu af het "so vinnig plaasgevind dat, versover die uitskakeling tot op daardie datum nie voltooi was nie, daar nou die moontlikheid - of selfs waarskynlikheid - bestaan het dat dit onvoltooi sou bly."<sup>4)</sup>

Naas die kerngebied ontstaan daar dus nou ander verkeersgemeenskappe - een ten noorde en een ten ooste van die bakermat. "...die taal het nog lank

-----

4) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling, bl. 90.



nie van alle oorbodige vorme ontslae geraak nie toe die taalgebied in drie gemeenskappe begin uiteenval, waarvan elkeen nou in 'n eie mate sy eie ontwikkeling verder deurmaak, op sy eie wyse die uitskakelingsproses verder voer en ook sy eie nuwe kenmerke opdoen",<sup>5)</sup> sodat byvoorbeeld "roepsek-roepsek" in die noorde die oorhand gekry het teenoor "hôi-hôi" in die ooste. Vorme soos "meule, nooi, more" is vandag nog kenmerkend van die ooste teenoor "meul, nôi, môre" in die noorde en in die kerngebied.

Na 1730 vind die uitbreiding vanuit die noordelike en oostelike gebied plaas in twee afsonderlike ooswaartse strominge wat eers weer teen 1770 anderkant die Sondagsrivier by mekaar aansluit. Hierdie voortgesette kolonisasie van die binneland het op sy beurt invloed uitgeoefen op die taal, invloed wat duidelik weerspieël word deur die taalkaarte.<sup>6)</sup> Prof. S.A. Louw meen dat " die taal van die Voortrekkers nog verskillende wisselvorme (moet) vertoon het, soos bv. môre naas more. Dit sal waarskynlik moet saamhang met die kolonisasie van die binneland van die Kaapkolonie langs die twee ooswaartse strominge."<sup>7)</sup>

Middelerwyl het die oortollige bevolking van die Kaap en omgewing (na 1700) voortdurend na die voorposte beweeg en die invloed van die kerngebied uitgedra. "Ook die taalkaarte wys duidelik op 'n ekspansie van die kerngebied."<sup>8)</sup>

---

S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling:  
5) bl. 98.  
6) bl. 93.  
7) bl. 99.  
8) bl. 95.

Die volgende gebeurtenis wat verreikende invloed uitgeoefen het op ons taal, is die Groot Trek. Dit het tot direkte gevolg "n nuwe deurmekaarskommeling," in 'n sekere sin 'n terugkeer tot die toestand soos wat aanvanklik in die kerngebied geheers het, maar dan bedoel ons 'n deurmekaarskommeling hoofsaaklik van die nie-wesensmateriaal en meer bepaald dié wat die gelykmakingsproses in die kerngebied vrygespring het en wat ook in die verskillende verkeersgebiede wat na 1700 bestaan het, 'n eiesoortige ontwikkeling ondergaan het, sodat daar in die taal van die Trekkergemeenskappe en in die nuwe gebiede waar die Voortrekkers hulle gevestig het, wisselvorme moet bestaan het wat onderhewig was aan 'n hernieude uitskakelingsproses.

Omdat die Voortrekkers tydens die trektog 'n gemeenskap op sigself gevorm het, ontstaan die vraag of daar ten tye van die trek dan nie meer as voldoende geleentheid was vir die uitskakeling van oortollige vorme nie. 'n Mens verwag dus eintlik nie wisselvorme in die Transvaal teen 1845 - '50 nie. Die hōi-hōi-kaart bewys dat die oorbodige vorme (waarvan daar oor die twintig bestaan) wel uitgeskakel is tydens die Groot Trek.<sup>9)</sup> Maar dit kon net plaasgevind het met woorde wat 'n hoë gebruiksfrekwensie op die trekpad gehad het. Die appelderliefde-<sup>10)</sup> en stinkblaarkaarte<sup>11)</sup> toon dat woorde wat nie juis te pas gekom het in die trekker-, kommando- en kampele nie, die uitskakelingsproses ontduik het tot tyd en wyl die pioniers hulle gevestig

---

9) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling,  
Bylae III, Kaart vii.

10) S.A. Louw: Taalgeografie, Kaart 3.

11) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling,  
Bylae III, Kaart vii.

het en dié woorde weer nodig gekry het: dān is die vorm wat uit die herkomsgebied meegebring is, gebruik.

Langs dié weg moet baie wisselvorme die Transvaal in die vroeë jare van blanke-vestiging bereik het.

"Uit die taal van hierdie nuwe gebied sal ons wel die een en ander gevolgtrekking kan maak oor die taal in die Oostelike Provinsie van omstreeks 1835", verklaar prof. Louw, en hy bevind "dat die gebrek aan homogeniteit in die geval van verskillende verskynsels in die taal van die noordelike provinsies nie net verklaar moet word uit die invloed van die skryftaal en die latere intrekkers uit die Boland nie."<sup>12)</sup>

Die [ɛ/ə] -wisselvorme wat in 1845 - '50 in die Transvaal bestaan het, moet dus 'n direkte uitvloeisel wees van die invloed wat die Groot Trek op die taalontwikkeling gehad het. Breër beskou hang die wisseling ten nouste saam met die ontstaan en verdere ontwikkeling van ons moedertaal, en vind 'n verklaring in die faktore wat die besondere gang van die geskiedenis van Afrikaans bepaal het.

Vir soverre daar op grond van die bestaan van 'n enkele wisselingsverskynsel 'n gevolgtrekking gewaag kan word, wil dit uit die [ɛ/ə] -wisselvorme voorkom dat die taal in die hele gebied waaruit die Voortrekkers afkomstig is, 'n gebrek aan homogeniteit moet openbaar het in die periode toe die Groot Trek plaasgevind het.

---

12) S.A. Louw: Dialekvermenging en Taalontwikkeling, bl. 99.

B I B L I O G R A F I E.

1. Bronne:

- (a) Suid-Afrikaanse Argiefstukke (Transvaal, No I ): Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek ( Volledig met alle bylae daarby), Deel I ( 1844 - 1850). (Cape Times Ltd., Kaapstad).
- (b) Suid-Afrikaanse Argiefstukke (Transvaal, No 2). Notule van die Volksraad van die Suid-Afrikaanse Republiek (Volledig met alle bylae daarby), Deel II (1851 - 1853) (Cape Times Ltd., Kaapstad).
- (c) Voortrekker-Argiefstukke (1829 - 1849) (Staatsdrukker, Pretoria, 1937).

2. Geraadpleegde en aangehaalde werke:

- Boshoff, S.P.E. : Volk en Taal van Suid-Afrika.  
(J.H. de Bussy Bpk., Pretoria, 1921).
- De Villiers, Meyer: Afrikaanse Klankleer (A.A. Balkema, Kaapstad, 1958).
- Franck, Johannes: Mittelniederländische Grammatik  
(C.H. Tauchnitz, Leipzig, 1910).
- Kloeke, G.G.: Herkomst en Groei van het Afrikaans.  
(Universitaire Pers Leiden, Leiden, 1950).
- Le Roux, T.H.: Afrikaanse Taalstudies.  
(Van Schaik, Pretoria, 1945).
- Le Roux, T.H. en Le Roux, J.J.: Middelnederlandse Grammatika. (Van Schaik, Pretoria, 1945).
- Le Roux, T.H. en Pienaar, P. de V.: Afrikaanse Fonetiek. (Juta, Kaapstad en Johannesburg).

- Le Roux, T.H. en Pienaar, P. de V.: Uitspraakwoordeboek van Afrikaans (Van Schaik, Pretoria, 1956).
- Louw, S.A.: Dialekvermenging en Taalontwikkeling (A.A. Balkema, Kaapstad - Amsterdam, 1948).
- Louw, S.A.: Taalgeografie (Van Schaik, Pretoria, 1941).
- Schoonees, P.C. (Hoofred.): Woordeboek van die Afrikaanse Taal ( 1ste, 2de en 3de deel) (Staatsdrukker, Pretoria).
- Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal (bewerkt door dr. C. Kruyskamp en dr. F. de Tollenaere). (Marthinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1950).
- Van der Merwe, H.J.J.M.: Scheepsjournael ende Dagregister. (Van Schaik, Pretoria, 1958).
- Van der Merwe, H.J.J.M.: Taalfunksie en Spellingvorm ( Van Schaik, Pretoria, 1955).
- Van Wijk, N. : Franck's Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal (Marthinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1949).
- Vercoullie, J.: Beknopt Etymologisch Woordenboek der Nederlandsche Taal (Van Rysselberghe & Rombaut, Gent, 1925).
- Verdam, J.: Middelnederlandsch Handwoordenboek (Marthinus Nijhoff, 's-Gravenhage, 1949).
-